# ’n Saak van lewe of dood

## Nerine Ahlers en Alet Steenkamp




**Leesgids geskryf deur Hettie van Zyl**

***Geskik vir Afrikaans Huistaal graad 8-9 en Afrikaans EAT graad 8-10***

## INHOUDSOPGAWE


| | Bladsy |
|---|---|
| 1. Inleiding tot die roman | 3 |
| 2. Die verhaal in 'n neutedop: '*n Saak van lewe of dood* | 3-4 |
| 3. Biografieë van die skrywers: Nerine Ahlers en Alet Steenkamp | 5-7 |
| 4. Inleiding tot die studie van '*n Saak van lewe of dood* | 8-11 |
| 5. Literêre begrippe in '*n Saak van lewe of dood* | |
| 5.1 Verteller | 12 |
| 5.2 Titel | 12-13 |
| 5.3 Intrige | 13-14 |
| 5.4 Botsing/konflik | 14 |
| 5.4.1 Innerlike konflik | 14-15 |
| 5.4.2 Uiterlike konflik | 15-16 |
| 5.5 Verteltyd en vertelde tyd | 17 |
| 5.6 Milieu – tyd en ruimte | 17-24 |
| 5.7 Taalgebruik | 24 |
| 5.8 Temas | 24-27 |
| 5.9 Motiewe (beelding) | 27-30 |
| 5.10 Karakterisering | 30-33 |
| **Afdeling B: Post-lees** | |
| 1. Kontekstuele vrae | 34-50 |
| 2. Moontlike antwoorde | 51-66 |
| 3. Glossarium van literêre begrippe | 66-68 |
| 4. Glossarium van woorde in die teks | 68-70 |
| 5. Aktiwiteite vir verryking: Projek | 71-75 |
| 6. Bronnelys | 76 |

## AFDELING A: PRELEES

## 1. Inleiding tot die genre roman

’n Roman is ’n langer prosastuk wat gelees word. Die verhaal speel af in ’n spesifieke ruimte en tyd. Die karakters en gebeure is fiktief. Die skrywer gebruik sy verbeelding om die verhaalgebeure en karakters te skep sodat dit lyk soos gebeure wat in die werklike lewe plaasvind.

Die verteller is die persoon uit wie se oogpunt die verhaal vertel word. Die verteller beskryf die karakters, die handeling (wat hulle doen) en die gebeure in die verhaal. Die verteller kan die ruimtes van die verhaal afwissel. In teenstelling met die kortverhaal, kan die verhaal breedvoerig vertel word en karakterontwikkeling vind plaas.

Die intrige is die strorielyn (plot) van die verhaal. Dit word in ’n verhoogde spanningslyn aangebied. Die belangrikste karakter in die verhaal is die hoofkarakter (protagonis). Die gebeure in die verhaal wentel om die krisisse en konflik wat die hoofkarakter beleef.

Die roman het ’n sentrale tema, maar daar is ook deurlopende temas. Die doel van die temas is om die leser tot ’n bepaalde insig te bring, ’n lewensles te leer of ’n boodskap aan die leser oor te dra.

## 2. Die verhaal in ’n neutedop

Zander Truter is ’n ongelukkige tiener wat voel dat hy nie raakgesien word deur sy ouers nie. Na die dood van sy suster, Rosalie, is dit asof almal in sy gesin ophou leef het. Hy probeer sy ma se aandag trek deur ’n krieketbal deur die venster te gooi sodat die glasskerwe op haar geliefde Icebergs val, maar dit bewerkstellig nie die effek wat hy verwag het nie.

Zander se ma het verander na Rosalie se dood. Sy maak nie meer kos nie en slaap haar dae om, meestal snikkend op Rosalie se bed. Sy pa het stiller geword en gesels nie meer met hom soos voorheen nie. Hy bring soms kitskos huis toe, maar daar is ’n gebrek aan kommunikasie tussen pa en seun.

Die kortfilm wat Zander en sy maats, Mieke, Ruben en Bongani vir die kunstefees beplan, bring bietjie opwinding in sy lewe. Maar saam met die opwinding is daar ook gebeure wat spanning veroorsaak.

Tuis is dit asof alles verkeerd loop. Zander breek per ongeluk die bakkie van Rosalie se hand wat sy vir haar pa gemaak het. Toe hy dit probeer herstel, plak hy dit aan sy lessenaar vas. Sy ma raak flou toe sy Zander se “bebloede” gesig sien terwyl hy oefen vir sy voorkoms as seerower.

Zander leen sy ma se juwele en ander waardevolle artikels vir die seerowertonele by die swembad van die ou vervalle huis in die doodloopstraat. Hy en sy vriende het ook die buurman se kano sonder toestemming gevat om die seetonele van die

seerower-kortfilm meer realisties te maak. Hy beplan om alles terug te gee, maar die ontdekking van ’n lyk in die ou swembad veroorsaak dat hy dit daar moet los omdat die polisie besig is om die saak te ondersoek.

Toe Zander begin om die kortfilm te redigeer, sien hy ’n vreemde man op die agtergrond. Hy maak ’n uitdruk van die man se gesig en neem dit na die polisie sodat hulle die moordenaar kan vastrek. Met ’n skok kom hy agter die ondersoekbeampte, sersant Brink, is niemand anders nie as die man op die foto.

Sersant Brink dreig vir Zander dat sy maats en familie kan seerkry as hy nie al die foto’s en video’s op sy foon uitwis nie. Zander besef dat die man ernstig is toe hy Mieke se hondjie, Charlie, byna dood maak. Hy plant ook dwelms in Zander se kamer. Zander besluit om vir niemand te vertel van die polisieman se dreigemente nie.

Meneer Vorster, die Afrikaans onderwyser, is baie ontsteld omdat Zander en sy maats nie hulle opdrag, die kortfilm, vir die kunstefees ingehandig het nie. Zander is op breekpunt en vertel vir sy vriende waarom hy vergeet het van die film. Meneer Vorster hoor wat hy sê en kom tot hulle redding deur ’n speurder te skakel om die saak te ondersoek en die moordenaar te arresteer.

Sersant Brink slaag daarin om die polisie te ontduik en wag een middag vir Zander in sy kamer in. Hy neem hom as gyselaar na die ou verlate huis in die doodloopstraat en bind hom vas. Gelukkig kom Bongani en Ruben na die spane van die kano soek en hoor benoude geluide in die ou huis.

Hulle red vir Zander en slaag daarin om die polisieman te oorrompel. Die polisie daag kort daarna op en arresteer die moordenaar. Hy was ’n dwelmhandelaar wat die ou huis gebruik het as wegsteekplek vir die dwelms.

Zander se ouers is baie bly dat hy veilig by die huis is omdat hulle gedink het hy het weggeloop. Vir die eerste keer, na Rosalie se dood, praat hulle weer. Dit is asof daar nuwe lewe in die huis is, want sy ma maak weer kos en sy versorg weer haar Icebergs.

## 3. Biografieë van die skrywers: Alet Steenkamp en Nerine Ahlers

Dié skryfspan het al talle boeke gepubliseer en verskeie literêre toekennings ontvang. Hulle skryf graag saam, want sodoende kan hulle mekaar uitdaag om verder te gaan en nuwe idees kry. Alles het begin toe hulle saam skoolgehou het, hulle het 'n leemte in die mark gesien vir lekkerlees-boeke wat kinders kan motiveer om aan te hou lees.



**Foto**: Alet Steenkamp (links) en Nerine Ahlers (regs)
(Foto verskaf deur Nerine Ahlers)

**<u>ALET STEENKAMP</u>**

Alet Steenkamp is op 20 November 1964 gebore. Sy het op 'n plaas tussen Breyten en Ermelo grootgeword. Haar ma, Bessie Steenkamp, is 'n bekende skaap- en beesboer in die omgewing.

Alet het in 1983 aan Hoërskool Carolina matrikuleer. Mnr. Prinsloo, haar Engels onderwyser, het haar inspireer om vir 'n B.A.-graad in tale aan die Universiteit van Pretoria te studeer. Sy het ook 'n meestersgraad in Afrikaans en 'n onderwysdiploma verwerf.

Alet het tien jaar skoolgehou by St Mary's DSG en agt jaar by Crawford College. Daar het sy vir Engelse kinders Afrikaans probeer lekker maak.

Alet en haar man, Nic Venter woon in Pretoria en in die Waterberge. Hulle seun is vanjaar matriek. Haar man het ook drie volwasse kinders uit ’n vorige huwelik wat soos Alet se eie kinders is.

In 2006 debuteer Alet Steenkamp en Nerine Ahlers met die roman, *Selfone, skelms en sjokolade*. Die roman is tans deel van ’n omnibus. Die SSS-reeks, wat bestaan uit 7 verhale, is in drie omnibusse saamgevat.

**Ander publikasies van Alet Steenkamp en Nerine Ahlers**:

Liefde is ...
Ek en jy ...
Op die maat van Maya
Weg
’n Saak van lewe of dood

**Toekennings**:

<u>ATKV-kinderboek toekenning</u>
*Selfone, skelms en sjokolade* (2005)
*Liefde is* ... (2011)

<u>NB-uitgewers kompetisie</u>
*’n Saak van lewe of dood* (2019)

Alet is ’n diereliefhebber en ’n ywerige voëlkyker. Sy stap graag in die veld, kyk inspirerende flieks en hou van rock, blues en alternatiewe musiek.

## <u>NERINE AHLERS</u>

Nerine Ahlers is op 17 September 1957 gebore. Sy is die dogter van Koos, ’n mediese dokter, en Barbara le Roux, ’n Afrikaans- en drama-onderwyseres. Sy begin haar skoolloopbaan aan Laer Volkskool Heidelberg en matrikuleer aan Hoërskool Menlopark.

Net soos Alet Steenkamp, studeer Nerine aan die Universiteit van Pretoria vir ’n B.A.-graad in tale en verwerf haar meestersgraad in Afrikaans in 1985. Na haar studies hou Nerine vir 18 jaar skool by haar alma mater, Hoërskool Menlopark, en bied Frans, Duits, Afrikaans en Engels aan.

Nerine woon in Pretoria saam met haar man, Johan. Hulle het twee dogters en is ’n hegte gesin wat dinge saam doen, die lewe geniet en graag reis.

**Publikasies deur Nerine Ahlers:**

Die *Rietrotte-reeks* (7 boeke)
*Lokval in Parys*
*Per Ongeluk Parys*
*Teiken Parys*
*Die verdwyning van Seamus Smit deur Seamus Smit*

*Onkant*
*Rudo, die renostertjie*

**Toekennings en benoemings:**

*Die Rietrotte van Rietvallei Hoër* was op die kortlys van die South African Literary Awards (2019).
*Die verdwyning van Seamus Smit deur Seamus Smit* was die wenner van die kategorie vir jonger tieners in LAPA se jeugroman-wedstryd (2021).

Nerine hou van stap, tuinmaak, kuier en maak kos wanneer sy moet besluit wat volgende in die storie gaan gebeur. Sy skryf ook tiener-toneelstukke en radiodramas.

Oor *'n Saak van lewe of dood* sê die skrywers dat hulle 'n lekker-leesstorie propvol avontuur wou skryf. Hulle wou ook deur die roman die emosionele konflik wat tieners mag ervaar, oordra.

Boodskappe van die skrywers aan die jong lesers.

***Julle is ons inspirasie. Geniet ons stories. Dís waarom ons hulle geskryf het!***

**Nerine Ahlers**

*Ek hoop lees bly altyd vir jou lekker en dat jy dwarsdeur jou lewe nuwe horisonne in die blaaie van 'n boek sal ontdek.*

Alet Steenkamp

## 4. Inleiding tot die studie van ‘*n Saak van lewe of dood*

**Die voorblad**

Voordat jy die verhaal lees, kyk eers na die omslag (voorblad en agterblad) om te probeer aflei waaroor die verhaal handel.




**Titel: ’n Saak van lewe of dood**

Die titel sal dadelik die leser se aandag prikkel. ’n Mens kan aflei dat dit ’n spanningsverhaal is en dat iemand in doodsgevaar verkeer.

Kyk of jy kan aflei wat die volgende voorwerpe op die voorblad beteken.

- Die skedel/vlag
- ’n fiets
- ’n pen
- ’n hand
- polisielint
- ’n film-bordjie met die woord: SEEROWERS
- rose
- ’n vuurwapen
- ’n kind
- water
- ’n vrug
- ’n videokamera

- Watter voorwerpe hou verband met misdaad, gevaar of spanning?
- Wie dink jy is die teikengroep vir die roman? Motiveer waarom jy so dink.
- Watter voorwerpe kan moontlik simboliese waarde hê? Op grond waarvan het jy die afleiding gemaak?
- Probeer nou om afleidings te maak van die ander voorwerpe wat nie op gevaar dui nie en wat ook nie noodwendig simboliese waarde het nie.
- Wie is die kind op die voorblad?

**Agterblad**

Die agterblad van die roman gee ’n kort weergawe van wat jy in die verhaal kan verwag.

Die doel van die kort opsomming is om die leser nuuskierig te maak om die boek te lees.

**Zander** mis sy sussie. En daarmee saam voel dit vir hom asof hy besig is om sy ouers ook te verloor. Sy ma loop soos 'n **spook** in die huis rond. Sy pa word al hoe stiller. Maar **gelukkig** is daar genoeg om sy aandag van dinge by die huis af te lei. Hy en sy **pelle**, Mieke, Bongani en Ruben, gaan 'n kortfilm maak vir die kunsfees en hulle gaan **seerowers** wees!
Met **tamatiesous** vir bloed, oogklappe, swaarde, 'n boot (wat hulle by die buurman gaan "leen") en als. Hulle het selfs die **perfekte** plek om die video te skiet – die vervalle ou huis in die doodloopstraat se vuil **swembad**. Maar dan ontdek hulle iets **skokkends** in die donker water . . . En wanneer Zander besef wie die **skuldige** is, word dit 'n saak van **lewe** of **dood**.

Human & Rousseau

JEUGFIKSIE
ISBN 978-0-7981-8359-8
9 780798 183598
www.humanrousseau.com

- Wat het met Zander se sussie gebeur?
- Waarom tree sy ma en pa vreemd op?
- Die verwysing na seerowers skep 'n avontuurlustige atmosfeer, maar die ou vervalle huis en die skokkende ontdekking kan die leser dalk bang maak.
  Is jy bang of nuuskierig om verder te lees?
- Wat dink jy is die ontdekking wat hulle gemaak het?
- Waarom word dit as 'n saak van lewe of dood beskryf?

**Motto (Epigraaf)**

*In 'n saak van lewe of dood, is die lewe al wat tel*

Wat dink jy is die funksie van die motto?

## 5. Literêre begrippe in '*n Saak van lewe of dood*

Volgens die KABV moet die leerlinge oor die nodige kennis van literêre begrippe beskik om vrae oor letterkunde te beantwoord.

### 5.1 Die verteller

Daar is drie soorte vertellers: die alomteenwoordige verteller, die derde persoonsverteller en die eerstepersoonsverteller.

Die **alomteenwoordige verteller** kan al die emosies van al die karakters beskryf. Hy is op elke plek, ruimte en tyd teenwoordig. Die alomteenwoordige verteller kan buite die verhaal staan en is daarom meer objektief, omdat hy/sy nie die gebeure self beleef nie, maar dit slegs weergee.

Die **derdepersoonsverteller** het 'n beperkte alwetendheid. Hy beskryf die gebeure vanuit die gesigspunt van een van die karakters in die verhaal. Hierdie karakter is die fokalisator in die verhaal, want hy vertel die gebeure vanuit sy beperkte gesigspunt.

Die **eerstepersoonsverteller** of ek-verteller is een van die karakters in die verhaal wat die verhaal vertel soos hy dit sien en beleef. Hierdie tipe verteller weet nie wat die ander karakters dink of hoe hulle voel nie. Dit is egter die beste soort verteller om eie emosies en gevoelens weer te gee.

In *'n Saak van lewe of dood* word die eerstepersoonsverteller gebruik. Die verhaal begin met die woord "Ek" en die verteller verwys na "my ma". Die verteller gee geloofwaardigheid aan die verhaal, want hy beleef die gebeure eerstehands. Zander beskryf hoe magteloos hy voel oor die omstandighede in hul huis na Rosalie se dood.

Sy handeling, om die venster stukkend te gooi, beklemtoon sy soeke na ouerliefde in hulle gebroke gesinslewe. Deur die gebruik van die tipe verteller word die spanning verhoog wanneer Zander telkens in die moeilikheid is. Hy beskryf sy angs ná die bakkie van Rosalie se hand gebreek het, die vrees dat sy ma se kosbaarhede kan wegraak en gee sy diepste emosies weer wanneer hy in doodsgevaar verkeer.

Die nadeel van die eerstepersoonsverteller is dat hy 'n beperkte blik het. Hy kan op 'n sekere tydstip net op een plek wees en is dus ruimte- en tydgebonde. Zander kan net van sy eie hartseer vertel en kan nie die hartseer van sy ma begryp nie.

### 5.2 Titel

Die titel van 'n roman is meestal openbarend van die inhoud van die verhaal. Met die eerste oogopslag kan die leser aflei dat dit 'n spanningsverhaal is. Die titel skep afwagting, want die leser wil weet wat die betrokke "saak" is wat moontlik kan lei tot die dood.

Die **denotatiewe (letterlike) betekenis** van die titel lê opgesluit in die feit dat die skelm polisieman, sersant Brink, vir Zander afpers oor die foto van die moordenaar. Wanneer Zander die foto-uitdruk van die vermeende moordenaar na die polisiekantoor toe vat en vir sersant Brink sien, besef hy dat hy die moordenaar is.

Zander sê vir hom dat hy weet dat hy die moordenaar is. Die sersant dreig hom en sê as hy nie saamspeel en sy identiteit geheim hou nie, iemand na aan hom sal seerkry.

Zander is angsbevange dat die sersant een van sy vriende of sy ouers sal doodmaak daarom bly hy stil daaroor. Sersant Brink stuur 'n bedekte waarskuwing aan Zander wanneer hy Charlie, Mieke se hondjie, vir dood in die ou swembad van die doodloopstraat in Antonstraat los. Zander besef aan die einde van hoofstuk 23 dat dit nou **'n saak van lewe of dood is**.

Sersant Brink plant dwelms in Zander se kamer – 'n waarskuwing dat hy Zander se lewe kan verwoes. Dit is eers as meneer Vorster, die Afrikaans-onderwyser sy vriend, wat 'n speurder is, skakel dat Zander dink alles is verby. Maar dan wag die skelm polisieman hom in sy kamer in en Zander word ontvoer.

Vasgebind in die vervalle huis in die doodloopstraat dink Zander dat sy laaste ure op aarde aangebreek het, want die polisieman wil hom as gyselaar gebruik om uit die dorp te kom. Hy glo dat sersant Brink hom gaan doodmaak as hy op vlug slaan. Gelukkig red Zander se vriende hom en die polisie arresteer die sersant.

Die **konnotatiewe (figuurlike) betekenis** van die titel sentreer teen die agtergrond van Rosalie se dood. Al is dit vier weke na haar dood voel dit vir Zander asof daar geen lewe meer in hulle huis is nie.

Dit is altyd donker in die huis, veral in sy pa se studeerkamer. Die doodse atmosfeer in die huis veroorsaak innerlike konflik by Zander. Hy wil vir sy ouers skree:" Ek lewe nog!", want dit voel vir hom asof hulle van hom vergeet het.

Sy pa bring wegneemetes huis toe omdat Ma ophou kos maak het of net vaal opgekookte eiers sonder tamatiesous vir ete opdien. Zander se ouers dink hy is 'n moeilikheidmaker weens dinge wat skeefloop, maar eintlik wil hy net raakgesien word en sy lewe terughê. Hy lug sy griewe eers by sy pa en later by sy ma. Hulle is bereid om met hom te praat, maar met sy ontvoering blyk dit asof hierdie ideaal moontlik buite bereik is.

Nadat Bongani, Ruben en die polisie vir Zander uit die kloue van sersant Brink red, tree daar 'n verandering in die Truter-huishouding in. Vir die eerste keer praat hulle oor Rosalie se dood en besluit om aan te gaan met die lewe. Sy ma maak weer kos en hulle praat weer met hom, want die lewe gaan aan.

Lees weer die motto en kyk hoe dit by die titel aansluit.

**5.3 Intrige**

Die verhaal is die gebeure wat plaasvind. Die intrige is die rede waarom dit gebeur en die gevolge daarvan. Oorsaak en gevolg speel 'n belangrike rol in die roman. Die verhaalgebeure word in 'n verhoogde spanningslyn aangebied. Konflik is een van die sentrale kenmerke van die intrige en lei tot spanning.

’n Goeie verhaal se gebeure is onvoorspelbaar. Die skrywers hou die leser aan die raai oor wat met Rosalie gebeur het. Dit word die uitsteltegniek genoem en verseker dat die verhaal enduit gelees word.

In die eerste paar hoofstukke van die roman leer die leser die karakters en hulle omstandighede ken. Daarna vind die ontwikkeling plaas. Daar is konflik wat spanning veroorsaak.

Die spanning neem skerp toe na die ontdekking van die lyk. Zander is gespanne, ’n krisis ontstaan toe sersant Brink vir Zander ontvoer. Direk na die krisis volg die klimaks. Die klimaks (hoogtepunt) van die verhaal is wanneer Zander se vriende en die polisie hom red uit die kloue van die skelm polisieman.

Die slothoofstuk is die afloop van die verhaal. Die konflik tussen Zander en sy ouers word opgelos en die roman het ’n gelukkige einde. Die leser kry ook al die antwoorde oor sersant Brink en waarom Isabella vermoor is.

### 5.4 Botsing/konflik

Daar is vier soorte konflik: uiterlike konflik, innerlike konflik, konflik tussen die mens en die natuur en konflik tussen die mens en sy omgewing. In *’n Saak van lewe of dood* word innerlike- en uiterlike konflik bespreek.

Om ’n konfliksituasie beter te verstaan vra die volgende vrae:

- Wat is die oorsaak van die konflik?
- Watter tipe konflik is dit?
- Hoe hanteer die karakter die konflik?
- Watter karaktereienskap van die karakter kom na vore?
- Wat is die gevolge van die konflik?
- Word die konflik opgelos?

#### 5.4.1 Innerlike konflik

Innerlike konflik ontstaan wanneer ’n karakter nie kan vrede maak met een of ander saak nie. Hy/sy wroeg heeltyd daaroor en ervaar hartseer en ontevredenheid. Innerlike konflik gee soms aanleiding tot uiterlike konflik en andersom.

**Zander** se innerlike konflik begin na Rosalie se dood, want hy voel dat sy ouers nie genoeg aandag aan hom gee nie. Hy is kwaad omdat sy ma selde kos maak en nooit meer met hom gesels nie.

Hy is self hartseer oor Rosalie en kan nie glo dat een malariamuskiet sy suster van hulle af weggeneem het nie. Tog voel hy dat die lewe aangaan en hou nie daarvan dat sy ma heeldag lê en huil nie.

In ’n poging om aandag te trek, raak hy rebels en gooi hy die venster stukkend sodat die glasskerwe besaai lê oor Ma se Icebergs. Dit los egter nie sy konflik op nie, maar vererger dit. Zander voel gekrenk en is kwaad omdat niemand met hom praat nie.

Zander ervaar innerlike konflik omdat hy nie vir Mieke en sy vriende kan vertel wie die moordenaar is nie. Hy kan ook nie vir Mieke vertel waar hy vir Charlie gekry het nie.

Zander voel baie ongelukkig omdat sy pa nie meer saans, voor hy slaap, by hom in die kamer kom sit en gesels nie. Pa raak al hoe stiller en kom nie meer vroeër huis toe soos voor Rosalie se dood nie.

Die oorsaak van **Ma** se innerlike konflik is omdat sy nie kan aanvaar dat Rosalie oorlede is nie. Sy bêre nie Rosalie se skoolklere wat nog oor haar stoel hang nie. Sy lê graag in Rosalie se kamer waar sy na die groot foto op haar bedkassie kan kyk. Die gevolg is dat sy al hoe meer onttrek van die werklikheid en nie meer aandag gee aan haarself, haar huis, haar tuin en haar kind nie.

Zander en Ma se konflik word ontlont (opgelos) toe hulle aan die einde van die verhaal vir die eerste keer oor Rosalie se dood praat. Ma maak weer kos en praat met Zander. Hulle besluit om aan te gaan met die lewe, want in ’n saak van lewe of dood, is die lewe al wat tel.

### 5.4.2 Uiterlike konflik

Uiterlike konflik kom in die vorm van ’n woordewisseling, ’n geveg of selfs ’n deurborende kyk voor.

**Zander en sy ouers**

Die konflik tussen **Zander en sy ma** ontstaan omdat hy die venster stukkend gegooi het en haar Icebergs sodoende beskadig het. Sy ma raas met hom en bars in trane uit. Sy stuur hom na sy kamer en sê dat hy later vir haar moet om verskoning vra. (Hoofstuk 1) Verdere gevolge vir hom is dat **sy pa** sê dat hy die venster sal herstel en die onkoste van Zander se sakgeld sal aftrek. Zander is arrogant en vra nie om verskoning nie. Hy sê dat hy die venster wou breek.

**Zander se pa** pluk hom aan sy skouer regop toe hy sy swart tande sien. Hy verduidelik dat hy oefen vir die kortfilm. Sy pa raas met hom oor sy deurmekaar kamer en sê dat hy sy tande moet skoonmaak en sy kamer aan die kant moet kry. (Hoofstuk 7)

In hoofstuk 9 is Zander weer in die moeilikheid omdat hy sy ma laat skrik het weens die bebloede gesig wat hy met ’n rooi viltpen en tamatiesous geskep het. Sy pa beveel hom om sy gesig te gaan was. Hy vra om verskoning, maar die feit dat hy die deur dawerend toeklap, beklemtoon sy frustrasie.

Toe Zander sy ma se kosbare juwele en ornamente vir die kortfilm geleen het, het hy gedink hy sal dit terugsit voordat sy dit kan agterkom, maar dit bly in die tuin van die vervalle huis agter en hy weet hy het probleme. Hy vermy konflik (Hoofstuk 15) toe

sy pa die aand vir hom vra of hy in hulle kamer was en maak asof hy slaap. Dieselfde aand gaan haal hy en Bongani die juwele en ornamente.

’n Woordewisseling volg die Sondagoggend. Sy pa is kwaad omdat hy Zander verbied het om na die leë huis te gaan en hy nie geluister het nie. Sy pa is woedend oor die juwele. Zander bars in woede uit en vertel vir sy pa dat hy ongelukkig is oor sy ma se traak-my-nieagtige houding. Hy sê vir sy pa: “Dat sy probeer lewe. Sal kos maak. En met ons praat.” (Bladsy 67)

In hoofstuk 27 raas Zander se ma met hom omdat hy die toilet so baie keer spoel. Sy ma voel dat hy haar tart toe hy sê dat hy dwelms in die die toilet afgespoel het. Vir die eerste keer praat Zander met sy ma en sê vir haar dat hy ongelukkig is omdat sy net treur oor Rosalie en vergeet het dat hy nog lewe.

In die slothoofstuk word die konflik ontlont wanneer die gesin weer saam eet en besluit om aan te gaan met die lewe.

**Konflik tussen vriende**

In hoofstuk 11 is **Ruben** se vriende kwaad vir hom omdat hy nie die boot gebring het nie. Dit lei daartoe dat hulle die kano van die buurman uit sy agterplaas vat. Wanneer **die buurman** dit later agterkom, probeer hy vir Zander konfronteer, maar Zander hardloop telkens weg om konflik te vermy.

Zander se vriende is baie ontsteld (bladsy 106) toe hulle uitvind dat hy nie die kortfilm by meneer Vorster ingehandig het nie. Hy verduidelik vir hulle van die polisieman wat hom dreig. Meneer Vorster help hom deur ’n vriend te kontak wat ’n speurder is. Die konflik word ontlont toe meneer Vorster die vier vriende nog ’n kans gee om die kortfilm in te handig.

**Zander en sersant Brink**

1. Zander sien dat sersant Brink die man op die foto is wat hy na die polisiekantoor geneem het. Hy sê dat hy weet dat hy die moordenaar is. Sersant Brink dwing hom om die foto’s en video’s uit te wis en niemand daarvan te vertel nie. (Hoofstuk 19)
2. Sersant Brink bel vir Zander (Hoofstuk 21) en sê vir hom van Charlie wat hy in die swembad gelos het. Zander is woedend, maar magteloos en weet dat dit die sersant se manier is om hom te waarsku om stil te bly.
3. In die straat word Bongani en Zander deur die sersant voorgekeer. Hy sê vir Zander dat hy hom vir die besit van dwelms kan arresteer en sinspeel daarop dat daar dwelms in hulle huis is. Zander is beangs en hardloop huis toe. Na ’n gesoek vind hy die dwelms en vernietig dit. (Hoofstuk 26)
4. In hoofstuk 29 wag sersant Brink vir Zander in sy kamer in. Hy word ontvoer en in die ou vervalle huis vasgebind en gevange gehou.

   Die konflik word ontlont toe Ruben en Bongani die sersant oorrompel. Die polisie daag kort daarna op en sersant Brink word gearresteer.

## 5.5 Verteltyd en vertelde tyd

**Verteltyd** verwys na die tyd wat dit duur om die verhaal te vertel. Dit is die aantal bladsye waaruit die roman bestaan. Die verhaal, *'n Saak van lewe of dood*, word in 124 bladsye vertel.

**Vertelde tyd** is die lengte van die tydperk, van die begin tot die einde, waarin die gebeure afspeel. Hierdie verhaal speel af in 'n tydperk van 12 dae. Die verhaal word in chronologiese volgorde vertel. Dit begin op 'n Dinsdag en eindig op 'n Saterdag, elf dae later.

## 5.6 Milieu – tyd, ruimte en agtergrond

Die **agtergrond** van die gebeure wat die verhaal voorafgaan, is baie belangrik in dié roman. Rosalie se dood het die lewe van die Truter-gesin gekompliseer. Zander se ma kan nie die dood van haar dogtertjie verwerk nie. Sy treur oor haar en kom nie meer haar verantwoordelikhede na nie. Selfs Zander se pa het stiller geword en praat nie meer met hom soos voorheen nie.

**Tyd**

Dit is somer, vier weke na Rosalie se dood. Zander is in graad nege en vyftien jaar oud. (Appelkose word gewoonlik in die somermaande, net na die lente, in Suid-Afrika ryp.)

**Tydsverloop**

Chronologiese tydsverloop is wanneer die verhaal in volgorde van tyd vertel word. Die gebeure volg na mekaar. Wanneer daar terugflitse in 'n verhaal is, is dit fragmentaries of a-chronologies. Hierdie roman se tydsverloop is chronologies. Die tydsraamwerk hieronder dui die tyd, gebeure en die hoofstukindeling aan.

**TYDSRAAMWERK:**

**(Gebruik hierdie tydsraamwerk wanneer jy die kontekstuele vrae in Afdeling B beantwoord)**

| Dag | Hoofstuk | BELANGRIKSTE GEBEURE | RUIMTE |
|---|---|---|---|
| 1 Dinsdag | 1-3 | Middag – Zander breek die venster. Konflik met sy ma.<br>Hy eet appelkose in die akkerboom van die erf met die vervalle huis.<br>Skemer – Hy keer teen skemer terug. Hy praat met Mieke oor die foon en doen huiswerk | 1. Zander se ouerhuis<br>2. Huis in doodloopstraat<br>3. Zander se ouerhuis |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 Woensdag | 4-7 | Middag na skool: Zander, Ruben, Bongani en Mieke bespreek die kortfilm wat hulle wil maak.<br>Laatmiddag/vroegaand: Zander gaan haal die permanente pen in sy pa se studeerkamer en hy laat val die bakkie van Rosalie se hand stukkend. Zander en sy pa eet KFC. Hy gaan garage toe om gom te soek om die bakkie te herstel. Sy pa raas met hom oor die stukkende venster. Hy kleur sy tande swart met die permanente pen. | 4. Mieke se huis<br><br>5-7 Zander se ouerhuis |
| 3 Donderdag | 8-10 | Middag: Zander vra vir Bongani en Ruben raad om die bakkie, wat aan sy lessenaar vasgeplak is, los te kry.<br>Laatmiddag: Zander kleur sy gesig met 'n rooi viltpen en tamatiesous in, sy ma sien hom en raak flou. Hy vat die bottel Cutex remover uit die badkamerkassie.<br>Na aandete: Zander is in sy kamer op soek na inligting op die internet oor seerowers. Mieke bel hom. | 8. McDonalds<br><br>9-10 Zander se ouerhuis |
| 4 Vrydag | 11-12 | Middag: Die vriende "leen" die buurman se kano. Hulle gaan na die vervalle huis in die doodloopstraat, maar word afgeskrik deur vreemde geluide en hardloop weg.<br>Aand: Zander lê die aand en bekommer hom oor die buurman se kano. | 11. Antonstraat, buite Zander-hulle se huis, by die buurman se agterplaas en by die leë huis in doodloopstraat.<br><br>12. Zander in sy kamer |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5 Saterdag | 13-15 | Oggend voor 10:00:<br>Die buurman is by Zander-hulle se huis.<br>Hy hardloop weg en wag vir sy vriende in die akkerboom. Hy en sy vriende neem video’s van die seerowertonele. Hulle ontdek die lyk van ’n vrou in die ou swembad. Die polisie daag op en ondersoek die misdaadtoneel.<br>Laataand: Zander en Bongani gaan soek die silwer kandelaar, kopergoed en sy ma se juwele. Die polisie sien ’n lig en betrap hulle byna. | 13-14. Zander se ouerhuis<br><br>Die ou huis in die doodloopstraat.<br><br>15. Die ou huis in die doodloopstraat. |
| 6 Sondag | 16-18 | Vroegoggend: Zander se pa is kwaad omdat hy by die ou huis was en omdat hy sy ma se juwele gevat het.<br>Na middagete: Zander redigeer die video’s en sien ’n vreemde man op die agtergrond. Hy bel vir Mieke en vertel haar daarvan.<br>Zander wys vir sy vriende die uitdruk van die vermeende moordenaar. | 16-18 Zander se ouerhuis |
| 7 Maandag | 19-20 | Middag: Mieke en Zander gaan na die polisiekantoor. Mieke wag buite. Zander sien dat die ondersoekbeampte die man op die foto is. Sersant Brink dreig hom. Zander wis al die foto’s en video’s op sy selfoon uit.<br>Zander jok vir Mieke om haar te beskerm. | Die polisiestasie |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8 Dinsdag | 21-25 | <u>Middag</u>: Terwyl Zander voor juffrou Brown se klaskamer wag, kry hy 'n oproep van Mieke wat hom vra om te help soek na Charlie wat verdwyn het. Kort daarna bel sersant Brink, hy sê dat hy vir Zander iets in die swembad gelos het. Zander kry die byna lewelose Charlie in die ou swembad van die vervalle huis en hardloop na Mieke. Hy besef dat dit nou 'n saak van lewe of dood is.<br>Zander kry Rosalie se bakkie los.<br><u>Later die middag</u>: Mieke het vir Charlie veearts toe gevat en sy bedank vir Zander, want die hond herstel goed.<br>Zander vlug na Bongani se huis om die buurman te ontwyk. Hulle gaan soek saam na die kano by die ou, vervalle huis. | 21. Die skool<br><br>Die ou huis in die doodloopstraat.<br><br>22. Mieke se huis.<br><br>23-24 Zander se huis<br><br>25. Bongani se huis en die ou huis in die doodloopstraat |
| 9 Woensdag | - | -<br>Geen gebeure word beskryf nie. | - |
| 10 Donderdag | 26-27 | <u>Middag</u>: Zander en Bongani word in die straat deur sersant Brink voorgekeer en gevra om hulle selfone te oorhandig vir 'n polisieondersoek aangaande pornografie. Die sersant sê vir Zander dat hy weens die besit van dwelms gearresteer kan word.<br>Zander hardloop huis toe, kry dwelms in sy kas en spoel dit in die toilet af. Sy ma is vies omdat hy water mors. | 26. In die straat, op pad huis toe.<br><br>26-27 Zander se ouerhuis. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11 Vrydag | 28-30 | Voor pouse: Zander word deur sy maats gekonfronteer omdat hy nie die kortfilm ingehandig het nie. Meneer Vorster hoor toe hy hulle van die afpersing vertel en bel ’n vriend in die speurtak.<br>Na skool: Zander en sy vriende is verlig omdat die skelm polisieman gearresteer gaan word.<br>Toe Zander by die huis kom, wag sersant Brink hom in sy kamer in en ontvoer hom.<br>Sersant Brink bind vir Zander vas en hou hom gyselaar. | 28. By die skool, mnr. Vorster se klaskamer.<br>29. McDonalds<br>Zander se huis<br>30. Die ou, vervalle huis in die doodloopstraat. |
| 12 Saterdag | 31-32 | Bongani en Ruben kom soek na die kano se spane en hoor ’n vreemde geluid.<br>Hulle besef iemand is in nood, red vir Zander en oorrompel die polisieman.<br>Zander se ouers praat oor Rosalie en besluit om aan te gaan met hul lewens. | 31. Die ou, vervalle huis in die doodloopstraat.<br>32. Zander se ouerhuis |

**Ruimte**

Die verhaal word nie gekoppel aan ’n spesifieke dorp nie. Die leser kan aflei dat dit ’n groterige dorp is.

**Zander se ouerhuis**

Die huis in Antonstraat 7 word as donker en stil beskryf: “Maar selfs in die skemer is ons huis se vensters almal donker en toe, soos leë oë.” (Bladsy 8) In sy pa se studeerkamer is daar net ’n strepie lig. Zander haat die stil en donker huis.

Zander is ’n baie ongelukkige tiener, want sy ma maak selde kos. Soms bring sy pa KFC of Woolies-kos huis toe. Daar is nie ’n huislike atmosfeer nie, want sy ma eet nie saam met hom en sy pa aan tafel nie. Boonop praat sy pa skaars met hom.

Rosalie se kamer is die enigste teken dat daar eens vrolikheid in die huis was. Zander se ma lê meestal op die pienk bed vol speelgoeddiere. Die groot foto van Rosalie, wat tydens die begrafnis voor in die kerk was, pryk op die bedkassie.

Daar is briewe en foto's van Rosalie en haar vriende teen die muur langs die spieël. Die laggende kinders op die foto staan in kontras met die huilende ma op die bed. Rosalie se skoolklere, wat oor die stoel voor haar lessenaar hang, bewys dat Ma nie oor die dood van haar dogtertjie kan kom nie.

Zander se kamer was altyd redelik netjies, maar deesdae lê sy vuil klere oral in die kamer. Hy is meestal in sy kamer besig om 'n speletjie op sy selfoon te speel of om sy grimering vir die seerower-video te beproef.

Pa se studeerkamer se deur is altyd toe. Die gordyne is byna heeltemal toegetrek. Zander beskryf sy pa se donker studeerkamer met die baie boekrakke, wat tot teen die dak is, as "spokerig". (Bladsy 20) Hy lê die permanente merker in sy pa se laai vas en stamp per ongeluk die bakkie van Rosalie se hand van die lessenaar af.

Die atmosfeer in die huis is verstikkend. Al wanneer Zander se ouers met hom praat, is wanneer hulle met hom raas. Sy pa sê dat hy moeg is vir Zander se "dinge" en sy "stories".

**<u>Die leë huis in die doodloopstraat</u>**

Zander steur hom nie aan die "GEEN TOEGANG! OORTREDERS SAL VERVOLG WORD-bordjie van die leë huis aan die einde van die doodloopstraat nie. Die huis het voorheen behoort aan 'n dokter en sy vrou wat in die huis dood is. Die huis staan al lank leeg en is vervalle, want niemand wou dit koop nie. Die dak het al plek-plek in geval, die vensters is stukkend en die onkruid groei so hoog, dit lyk soos 'n oerwoud.

Dit is eintlik die vrugteboord in die agterplaas wat vir Zander soos 'n magneet trek. Sy geliefde wegkruipplek is die akkerboom in die hoek van die tuin. Daar sit hy en eet van die stroopsoet appelkose en bepeins sy lot.

Alhoewel sy vriende skrikkerig is vir die huis in die doodloopstraat, oorreed Zander hulle om die video van die seerowers vir die kunstefees daar te skiet. In hoofstuk 11 gaan hy en sy vriende die eerste keer na die huis, maar hulle word afgeskrik deur vreemde geluide en vlug.

Dit kos mooipraat om sy vriende weer by die huis te kry omdat hulle dink dit spook daar. In hoofstuk 13 neem hulle die video's vir die kortfilm en maak 'n grusame ontdekking in die vuil swembad – 'n lyk van 'n vrou!

Zander en Bongani gaan een aand (hoofstuk 15) noodgedwonge terug na die huis om sy ma se juwele, die silwerkandelaar en die koper ornamente te gaan soek. Hulle word byna betrap deur die polisie. Intussen bekommer Zander hom oor die buurman se rooi kano wat hulle "geleen" het en wat hulle na die ontdekking van die moord op die erf moes agterlaat.

Dit is in dieselfde huis wat Zander later gevange gehou word. Hy lê vasgebind in die stowwerige huis en vrees vir sy lewe.

**Mieke se huis, Swaeltjiestraat 14**

Mieke, Zander se vriendin, woon in ’n meenthuiskompleks twee blokke van die skool af. In teenstelling met Zander se donker huis, staan die groot vensters van die huis wawyd oop. Daar is vrolike pers en pienk blomme voor die stoep en ’n opgewonde Jack Russel, Charlie, wat rondhardloop.

Zander, Bongani en Ruben kom by Mieke se huis bymekaar om te beplan vir die kortfilm wat hulle vir die Afrikaans-projek as inskrywing vir die kunstefees beplan. Al is Mieke se ma in ’n rolstoel vasgekluister, verhoed dit haar nie om heerlike pizzas vir die kinders voor te berei nie. Daar is altyd iets te ete in Mieke se huis. Mieke maak graag brownies wat sy by die skool vir ekstra sakgeld verkoop.

Toe Zander die byna lewelose Charlie in die ou swembad van die leë huis in die doodloopstraat kry, dink hy die hondjie is dood. Gelukkig haal die hondjie nog asem. Zander spoel hom in die swembad van die meenthuiskompleks af voordat hy hom aan Mieke gee. Hy kan nie vir haar sê waar hy die hondjie gekry het nie, want dit sal haar en haar ma se lewe in gevaar plaas.

**<u>Ander ruimtes:</u>**

**Bongani se huis** – Zander vlug na Bongani se huis om weg te kom van die buurman. Bongani is besig om sy broer se motorfiets te herstel.

**Die skool**

- Zander sit voor juffrou Brown se klas en wag om sy Engels-mondeling te doen. (Hoofstuk 21)
- In die Afrikaans klaskamer bly Zander en sy vriende agter toe die klok vir pouse lui. Meneer Vorster, wat in die aangrensende kantoor sit, hoor hoe Zander vir sy vriende vertel van die moordenaar en sy dreigemente.

**Die buurman se agterplaas**

- Zander en sy vriende klim oor die muur en gaps die buurman se rooi kano uit sy agterplaas. (Hoofstuk 11)

**Die polisiekantoor**

- In hoofstuk 19 vergesel Mieke vir Zander na die polisiekantoor om vir hulle die foto-uitdruk van die vermeende moordenaar te wys.
- In sersant Brink se bedompige kantoor voel Zander benoud. Die polisieman dwing hom om alle foto’s en video’s uit te wis en dreig hom.

**Buite in die straat**, op pad huis toe, stop 'n polisiemotor vir Bongani en Zander. Sersant Brink gee voor dat hy 'n ondersoek oor pornografie doen, maar eintlik wil hy sien of Zander al die foto's en video's uitgewis het.

Die skelm polisieman het ook toegang tot Zander-hulle se huis verkry en dwelms in sy kamer geplant. Sersant Brink lê later vir Zander in sy kamer voor en ontvoer hom om as gyselaar te dien wanneer hy uit die dorp wil vlug.

## 5.7 Taalgebruik

Die taalgebruik in die roman is tipies van tienertaal. Daar word gebruik gemaak van Engelse woorde en selfs woorde wat vir die ouer leser onbekend mag klink. Dit is egter hoe die hedendaagse tiener praat. Die taalgebruik maak die verhaal geloofwaardig, want dit word uit die gesigspunt van Zander, 'n vyftienjarige tiener, vertel.

Die kru woorde wat in hoofstuk 21 gebruik word, is effektief binne die konteks van die verhaal. Dit beklemtoon Zander se woede en magteloosheid. Dit dui op die frustrasie wat Zander beleef omdat hy weet hy kan dit nie waag om vir iemand van die skelm polisieman te vertel nie.

Die verhaal is ryk aan beeldspraak. Die treffende vergelykings op bladsy 2 visualiseer die beeld van die wit roosblare wat soos duifvere val en die glasstukkies wat soos diamante in die son blink.

Zander beskryf sy gebrek aan kreatiwiteit asof daar 'n klip op sy brein is. (Bladsy 10) Dit dui aan hoe moeilik die lewe vir hom is.

## 5.8 Temas

Die tema moenie met die inhoud van die verhaal verwar word nie. Die inhoud word juis aangewend om 'n universele tema oor te dra. Die **tema** is die universele waarheid wat agter die verhaal skuil – waaroor gaan dit nou eintlik, of waarom het die skrywer die verhaal geskryf? Dit kan beskou word as die lewenswaarheid of insig wat uit die verhaal voortspruit.

**<u>Verlies</u>**

Die sentrale tema van die roman beklemtoon dat die verlies van 'n geliefde altyd traumaties is. Rosalie se dood veroorsaak dat die Truter-gesin in rou gedompel word. Dit is slegs vier weke na haar dood en dit is veral vir haar ma baie moeilik om Rosalie se dood te aanvaar en aan te gaan met haar lewe.

Ma het heeltemal verander na Rosalie se dood. Sy lyk onversorg en doen nie haar daaglikse take soos voorheen nie. Sy maak nie meer kos nie en as sy kos maak is dit onsmaaklik. Sy lê meestal op Rosalie se bed en huil. Sy versorg ook nie meer die Icebergs waarvoor sy so lief was nie.

Zander voel baie ongelukkig omdat sy ouers nie aan hom aandag gee nie. Hy dink dat as hy die venster breek en die glasskerwe die Icebergs beskadig, sal sy ma

besef hy leef nog. Dit het egter nie die gewenste uitwerking nie. Sy ouers sien hom as ’n moeilikheidmaker.

Pa het stiller geraak, hy praat nie meer met Zander soos altyd nie. Al wat hy doen, is om met Zander te raas. Hy kom ook later huis toe en sit in sy studeerkamer agter toe deure.

Mieke se ma verloor haar man en die gebruik van haar bene in ’n ongeluk. Mieke verloor haar pa.

Sersant Brink verloor sy werk en sy vryheid.

**<u>Gebrek aan kommunikasie</u>**

Zander wil so graag hê sy pa moet met hom praat. “Praat met my! wil ek roep. Wat wil Pa sê? wil ek gil.” (Bladsy 24) In hoofstuk 16 lug Zander sy opinie oor die toestand waarin sy ma verkeer. Hy sê vir sy pa: “Dat sy sal probeer lewe. Sal kos maak. En met ons praat. En tamatiesous koop. Dat sy ’n gewone ma sal wees.”

Toe Zander die toilet herhaaldelik spoel om van die dwelms, wat sersant Brink in sy kamer geplant het, ontslae te raak, konfronteer sy ma hom omdat hy water mors. Dit veroorsaak ’n uitbarsting. Hy sê vir sy ma dat hulle net oor Rosalie treur en van hom vergeet het. “En ek lewe nog!” (Bladsy 104)

Zander se uitbarsting veroorsaak dat sy ouers oor die saak besin. Sy pa sê vir hom dat hulle met hom wil praat, maar hy weier en sê dat hy moeg is. Hy kom met sy pa ooreen dat hulle die volgende aand kan praat, maar dan word hy ontvoer.

Terwyl hy vasgebind in die ou huis lê, is hy spyt dat hy nie met sy ouers gepraat het nie. Hy is bevrees dat hy nooit weer sy ouers sal sien nie en nie sal weet wat hulle wou sê nie.

In die laaste hoofstuk kommunikeer Zander en sy ouers weer. Hulle het besluit om aan te gaan met hulle lewens. Ma maak weer kos en hulle sit saam aan die etenstafel. Ma maak weer die Icebergs nat en vra vir Zander om haar te help met die tuinslang.

**<u>Geheime en leuens</u>**

**<u>Geheime</u>**

- Zander wil nie hê dat die ander kinders van die dorp moet weet van sy geheime plek in die doodloopstraat nie, want anders sal hulle ook van die vrugte wil eet. (Bladsy 18)
- Zander breek per ongeluk die bakkie van Rosalie se hand, maar vertel nie vir sy pa daarvan nie. (Bladsy 21)
- Hy steek eers die bakkie onder sy bed weg, (Bladsy 25) toe hy dit probeer herstel, plak hy per ongeluk die een deel aan sy lessenaar vas.

- Die vasgegomde stuk op die lessenaar word met ’n T-hemp bedek sodat sy pa dit nie kan sien nie (Bladsy 28) en hy sit dit later ongesiens terug in sy pa se studeerkamer.
- Zander vat die bottel Cutex remover uit sy ouers se badkamerkassie en steek dit onder sy bed weg. (Bladsy 39 en 90)
- Zander en sy vriende “leen” die buurman se kano en vertel vir niemand daarvan nie. (Bladsy 42)
- Zander vat sy ma se silwerkandelaar, juwele en koper ornamente sonder toestemming om te gebruik as skat in die kortfilm. (Bladsy 50)
- Al is Zander gehok, gaan hy steeds saam met sy vriende na McDonalds. (Bladsy 31)
- Sersant Brink dwing vir Zander om sy identiteit geheim te hou en dreig hom. (Bladsy 77)
- Weens die dreigemente van sersant Brink, kan Zander nie vir Mieke vertel dat hy die moordenaar is nie. In die Afrikaans klas vertel Zander vir sy vriende van al die geheime en meneer Vorster help hulle om alles vir die speurder te vertel. (Bladsy 80,97 en 107)

**Geheimsinnige gebeure**

- Daar klim ’n geheimsinnige man oor die heining, gaan die vervalle huis binne en kom later met ’n sak uit. (Bladsy 7)
- Die lyk wat in die swembad gekry word, het onder geheimsinnige omstandighede daar beland. (Bladsy 54)
- ’n Geheimsinnige man is te sien op een van die video’s waar hy agter die bosse verskuil is en vir die kinders kyk. (Bladsy 69)
- Die skrywers is self geheimsinnig. Hulle sê nie dadelik wie Rosalie is nie en openbaar eers in hoofstuk 23 die rede vir haar sterfte. Dit word die uitsteltegniek genoem en word gebruik om afwagting te skep en die leser te dwing om verder te lees.

**<u>Leuens</u>**

- Zander jok vir sy pa en sê hy is besig om te leer toe hy onverwags in sy kamer inkom. (Bladsy 48)
- Zander gee voor dat hy slaap toe sy pa op bladsy 61 vra: “Was jy vandag in ons kamer?”
- Zander gee voor dat hy alle foto’s en video’s van die sersant uitgewis het, maar hy het dit op sy rekenaar oorgelaai en vir sy vriende aangestuur. (Bladsy 70-72)
- Zander vertel vir Bongani dat hy die volgende week weer saam met die orkes sal oefen, maar hy is nog nie gereed daarvoor nie. (Bladsy 34)

- Zander moet noodgedwonge vir Mieke ’n leuen vertel oor waar hy vir Charlie gekry het om haar te beskerm. (Bladsy 88)

**Ander temas:**

Rebellie/Uitdaag van gesagstrukture
Ouer-kind probleme
Vriendskap
Verhoudings
Korrupsie

## 5.9

## Motiewe (beelding)

’n Deurlopende motief is ’n sekere voorwerp, persoon of saak wat deur die loop van die verhaal telkens na vore kom. Die motiewe of beelde het ’n bepaalde waarde of betekenis en dra daartoe by dat die verhaal in ’n verhoogde spanningslyn vertel word.

**Lig en donker**

Zander verwys deurlopend na hulle donker huis. Sy pa se studeerkamer is donker en die gordyne is byna heeltemal toegetrek. Sy pa kom eers na vyf huis toe of as dit al donker is. Op bladsy 8 word Ma metafories aan ’n “donker kol” gelykgestel waar sy in die donker op Rosalie se bed lê. “Die huis is doodstil en donker.”

Zander sien ’n donker figuur oor die heining van die vervalle huis se erf klim en sien hoe hy by die huis ingaan. Die persoon maak hom bang en hy klim nie uit die akkerboom voordat die persoon weg is nie.

Mieke-hulle se huis staan in kontras met Zander-hulle s’n. Die groot vensters staan wyd oop en daar is vrolike blomme voor die stoep. (Bladsy 13)

**Die bakkie van Rosalie se hand**

Die Vadersdag-geskenk wat Rosalie vir haar pa gemaak het, het ’n spesiale plek op haar pa se lessenaar. Toe Zander dit per ongeluk breek, besef hy dat hy in die moeilikheid is. Sy poging om dit te herstel, bring hom in groter moeilikheid toe hy een deel met Super Glue aan sy lessenaar vasplak. Sy vriende help hom met planne om die gebreekte hand, wat onder sy bed weggesteek is, reg te maak.

Die bakkie simboliseer ’n deel van Rosalie wat sy agtergelaat het. In hoofstuk 23 slaag Zander daarin om die vasgeplakte deel van die hout af te kry. Die hand is ook simbolies van Rosalie se vriendelikheid en bedagsaamheid. Sy was altyd bereid om ’n onbaatsugtige daad vir ander te doen. In hoofstuk 25 sit Zander die herstelde bakkie terug op sy pa se lessenaar.

**Seerowers**

Die seerower-tema waarop die vriende vir die kortfilm besluit, skep terselfdertyd ’n onheilspellende sowel as ’n avontuurlustige atmosfeer. Die vier vriende beplan ywerig vir die film. Hulle doen moeite met hulle uitrusting en voorkoms sodat die film geloofwaardig kan lyk.





https://commons.wikimedia.org/w/index.php?search=pirate&title=Special:MediaSearch&go=Go&type=image

https://commons.wikimedia.org/w/index.php?search=pirate&title=Special:MediaSearch&go=Go&type=image

Die gevaarligte begin flikker toe die vriende Zander-hulle se buurman se kano sonder toestemming vat om as boot te gebruik. Zander vat ook waardevolle items uit hulle huis om as skat te gebruik. Dit veroorsaak verdere spanning omdat Zander by die buurman en sy ouers in die moeilikheid is.




https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Flag_of_Edward_England.svg (aangepas)

Die vlag waarop die kinders besluit, beklemtoon die gevaar waarin die kinders hul later bevind. Die polisieman het hulle aanvanklik probeer afskrik met geluide, maar toe Zander later die man op die foto-uitdruk as sersant Brink eien, verkeer hy en sy vriende in lewensgevaar. Dit wat aanvanklik as 'n avontuurlustige uitstappie begin het, eindig bykans in 'n ramp.

**Die akkerbooom**

https://www.woodlandtrust.org.uk/media/48416/english-oak-pedunculate-oak-quercus-robur-tree-alamy-bmrxjf-oliver-smart.jpg

Die akkerboom in die tuin van die ou vervalle huis in die doodloopstraat is Zander se wegkruipplek. Hy ontvlug daarheen as hy ongelukkig voel oor gebeure by die huis. (Hoofstuk 2) Hy sit graag in die mik van die boom en eet appelkose. Hier voel hy veilig, totdat 'n vreemde man oor die heining klim en sy veiligheid bedreig. Hy wag tot die man weg is voordat hy uit die boom klim.

Toe Zander en Bongani laatnag (Hoofstuk 15) na Ma se waardevolle items gaan soek, kruip hulle in die akkerboom weg toe die polisie opdaag. Zander skuil ook in die boom toe die buurman hom probeer konfronteer oor die kano.

**Die rooi kano**

Die rooi kano wat Zander en sy maats by die buurman "leen" dra by tot die spanning in die verhaal. (Hoofstuk 11) Wanneer die lyk ontdek en die polisie ontbied word, moet die vriende die kano agterlaat. Zander besef dat hulle eintlik skuldig is aan diefstal, daarom hardloop hy telkens van die buurman af weg.

Die kleur rooi is simbolies van gevaar. Dit is egter Bongani en Ruben se soeke na die spane van die kano wat uiteindelik vir Zander van die grootste gevaar van sy lewe red.



https://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/thumb/c/c4/Red_Canoe.jpg/640px-Red_Canoe.jpg

**Vervalle huis in die doodloopstraat**

Die subintrige van die dokter en sy vrou wat dood gevind is in die huis, het veroorsaak dat niemand die huis wou koop nie. Zander sien die tuin en swembadarea as die ideale plek om die kortfilm te skiet.



https://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/thumb/b/bd/FEMA_-_40050_-_House_damaged_by_a_tree_in_Kentucky.jpg/640px-FEMA_-_40050_-_House_damaged_by_a_tree_in_Kentucky.jpg

Die ou, vervalle huis skep 'n spookagtige atmosfeer. Geen wonder dat Zander en sy vriende hulle boeglam skrik vir die aaklige geluide wat hulle die eerste keer (Hoofstuk 11) hoor nie.

Alhoewel almal skrikkerig is vir die huis, word die kortfilm wel daar verfilm. Dit lei tot die ontdekking van die lyk in die swembad.

In dieselfde huis word Zander gevange gehou en verkeer in doodsgevaar totdat sy vriende en die polisie hom red.

## 5.9 Karakterisering

In die roman is daar 'n hoofkarakter, newekarakters en ook randkarakters.

Die **hoofkarakter** is die belangrikste karakter in die verhaal. Zander is die hoofkarakter, want al die gebeure in die roman draai om hom. Hy is by die meeste gebeure in die verhaal betrokke en die meeste verteltyd word aan hom afgestaan. Die hoofkarakter ondergaan meestal 'n karakterverandering en word ook 'n ronde karakter genoem.

**Newekarakters** is die ander belangrike karakters. Hulle het 'n invloed op die hoofkarakter en bevorder die verhaalgebeure. Die newekarakters bepaal gewoonlik die hoofkarakter se optrede en denke. Zander se ouers het 'n groot invloed op hom en hoe hy oor dinge dink en voel. Die feit dat hulle nie aan hom aandag gee nie veroorsaak dat hy die venster breek. Hy dink ook dat hulle van sy bestaan vergeet het.

Al die karakters wat baie min of geen invloed op die verloop van die verhaalgebeure het nie is **randkarakters** of figurante. Dink byvoorbeeld aan die polisieman by die toonbank van die polisiekantoor wat skaars opkyk as Zander met hom praat.

**<u>Karakterbeelding</u>**

Die leser leer die karakter ken op grond van die volgende:

- Uiterlike beskrywing van die karakter se voorkoms, kleredrag en houding.
- Die karakter se handeling (dit wat die karakter doen).
- Dit wat die karakter van homself sê of wat hy dink.
- Dit wat ander karakters van hom sê.
- Dit wat die verteller aan die leser meedeel.
- Hoe ’n karakter in ’n konfliksituasie optree.

## HOOFKARAKTER (PROTAGONIS)

**Zander**

Hy is vyftien en in graad 9.

Aangesien Zander die verteller in die verhaal is, beskryf hy nie werklik sy eie voorkoms nie. Die leser kan wel later agterkom dat hy donker hare het wanneer hy die tamatiesous oor sy gesig en hare smeer. Ons kan uit sy houding en handelinge aflei dat hy **opstandig** is. Hy kom in opstand in hoofstuk 1 deur die venster te breek. Hy skop ’n ranonkelknop teen die muur vas en wil sommer al die blomknoppe afskop. Hiérdie opstandigheid beklemtoon Zander se frustrasie en die gebrek aan kommunikasie wat sedert Rosalie se dood in die huis heers.

Die leser leer vir Zander ken op grond van wat hy dink en sê:

- Hy hou van opstelle skryf, maar hou niks van wiskunde nie.
- Hy is baie lief vir musiek en behoort aan ’n orkes waarvan Bongani ook deel is. Hy speel die baskitaar in die orkes.
- Hy en Bongani is al van laerskool af vriende.
- Hy is in die atletiekspan.
- Hy hou baie van Mieke wat saam met hom in sy registerklas is en raak effens jaloers wanneer sy van Ruben praat.
- Hy is **taktloos**. Hy sê vir sy pa dat hy nie jammer is oor die venster wat hy gebreek het nie. Hy sê vir sy pa hoe hy voel oor sy ma wat nie met hulle praat nie. Hy gee nie om dat dit hul gevoelens seermaak nie.
- Hy is **beskermend** teenoor sy vriende en sy ouers. Hy wil nie hê dat hulle seerkry as gevolg van sersant Brink nie. Hy vertel vir niemand van die sersant se dreigemente nie.
- Hy is **ongehoorsaam** en steur hom nie aan reëls nie. Hy verontagsaam die waarskuwing by die ou huis in die doodloopstraat. Hy steur hom nie aan die feit dat hy gehok is nie en gaan saam met sy vriende na

McDonalds, want sy ma let nie op wat hy doen nie en sy pa kom laat huis toe.

- Hy is **waaghalsig**. Hy en sy vriende steel die buurman se kano uit sy agterplaas. Hy vat sy ma se juwele, silwerkandelaar en koper ornamente vir die kortfilm. Hy en Bongani gaan laataand na die vervalle huis om dit terug te kry. Hy sê vir die skelm polisieman dat hy weet dat hy die moordenaar is.
- Hy het '**n ryk verbeelding**. In sersant Brink se kantoor verbeel hy hom hoe hy hom oorrompel en hoe hy hom identifiseer as die moordenaar.

## NEWEKARAKTERS

**Ma**

Ma het kort blonde hare wat gekrul is.
Sy is lief vir plante veral haar Iceberg rose. Sy het elke Saterdag haar rose met Sunlight Liquid afgespuit om die luise weg te hou.
Sy is 'n huisvrou en maak kos en sorg dat die huis aan die kant is.

<u>Verandering na Rosalie se dood:</u>

Ma se hare is onversorgd. Sy doen nie meer moeite met die kos nie of maak glad nie kos nie. Sy was nie die vuil skottelgoed nie. Sy loop soos 'n spook in die huis rond en lê meestal en slaap. Sy lê baie keer op Rosalie se bed en huil. Sy pak nie Rosalie se skoolklere, wat oor die stoel hang, weg nie. Dit is asof sy haar sodoende in haar gedagtes lewend hou. Haar teenwoordigheid in haar dogtertjie se kamer beklemtoon dat sy nie haar dood kan verwerk nie. Ma kom min dinge agter wat in die huis gebeur.

Na Zander se ontvoering maak sy weer kos en versorg die Icebergs.

**Pa**

Pa werk in die dorp. (Sy tipe werk word nie genoem nie.) Hy het 'n studeerkamer met baie boeke.
Hy het altyd moeite gedoen om met Zander te gesels voor hy slaap.

<u>Verandering na Rosalie se dood</u>

Pa het stiller geword. Soms praat hy met homself. Hy kom vyfuur of na donker huis toe en onttrek hom na die studeerkamer. Hy bring wegneemetes of kitskos saam huis toe. Hy gesels nie meer met Zander voordat hy gaan slaap nie. Hy raas heeltyd met Zander.

Na Zander se ontvoering praat hulle oor Rosalie. Hy sê dat jy mag treur, maar dat jy moet aangaan met die lewe.

**Rosalie**

Sy was in graad ses toe sy weens malaria oorlede is.
Sy het graag geswem, gelag en het pret saam met haar vriende gehad.
Sy het sagte speelgoeddiere op haar pienk bed teen die kussings.
Sy het lekker grondboontjiebotter-en-stroop-toebroodjies gemaak en was altyd behulpsaam.

**ANDER NEWEKARAKTERS**

| | |
|---|---|
| **MIEKE** | Sy is klein en fyn gebou, sy het lang swart hare en blou oë. Sy is slim. Sy is baie **ondersteunend** na Rosalie se dood. Mieke se ouers was twee jare tevore in ’n ongeluk. Haar pa is oorlede en haar ma is verlam. |
| **BONGANI** | Hy is Zander se beste vriend van laerskooldae af. Hy is **lojaal en behulpsaam**. Hy hou daarvan om met sy hande te werk. Hy en Zander speel saam in ’n orkes. Hy is ’n planmaker en kontak vinnig sy pa as daar moeilikheid is. |
| **RUBEN** | Hy is **groot gebou** en is sterk. Hy is saam met Zander in die atletiekspan. Hy doen gewigstoot en speel stut vir die A-rugbyspan. Ruben is goed met rekenaars. |
| **MNR. VORSTER** | Afrikaans-onderwyser. Hy is **streng**, maar help graag kinders wat in nood is. |
| **DIE BUURMAN** | Die buurman word beskryf as iemand met baie of deurmekaar hare. Hy probeer Zande konfronteer oor sy kano. |
| **SERSANT BRINK** | Sersant Brink het kort hare, ’n langerige gesig en ’n hoë voorkop. Hy is die moordenaar en is baie gevaarlik. Hy is **manipulerend** en dwing vir Zander om alle foto’s en video’s op sy foon uit te wis. Is, is **gewetenloos**, want hy maak vir Charlie seer, plant dwelms in Zander se kamer, ontvoer hom om as gyselaar te gebruik |

## Afdeling B: Post-lees

• Toon aktiewe begrip van die teks.
• Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.
• Raadpleeg die glossarium aan die einde van hierdie afdeling vir hulp. Die onderwyser kan ook tydens die lees van die roman in die klaskamer moeilike woorde verduidelik.
• Gebruik leesbegripstrategieë soos soeklees, begripslees of studielees.
• Maak gebruik van die tydsraamwerk in Afdeling A wanneer jy die kontekstuele vrae beantwoord.
• Maak aantekeninge van belangrike gebeure en karakters en som hoof- en ondersteunende gedagtes op.

## 1. Kontekstuele vrae

Die volgende vrae het betrekking op elke hoofstuk, maar sommige vrae kan kennis van voorafgaande hoofstukke vereis.

Die punte van elke vraag word aangedui in ronde hakies (...) en die kognitiewe vlak word in vierkantige hakies [...] aangedui.

Vlak 1 en 2 vrae is vrae wat letterlik uit die teks beantwoord kan word of vereis herorganisering.
Vlak 3 vrae is vrae waar jy 'n afleiding moet maak.
Vlak 4 en 5 vrae vereis insig en is evaluerend of waarderend van aard.

Die vrae se kognitiewe vlakke is sover moontlike geskoei op eksamenriglyne:
40% vlak 1-2, 40% vlak 3 en 20% vlak 4-5 vrae. Dit sal leerlinge in staat stel om voorbereid te wees op soortgelyke vrae in toetse en eksamens.

Die vrae in die gids is veral geskik vir Afrikaans Huistaal, graad 7-9 asook Afrikaans Eerste Addisionele taal, graad 8-10.

Alle bladsye wat in die gids genoem word, verwys na die roman *'n Saak van lewe of dood*, tensy anders vermeld.

**Hoofstuk 1**



**Foto: Icebergs**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Watter tipe verteller word in die roman gebruik? Gee een voordeel van hierdie tipe verteller. | (2) [2] |
| 1.2 | Noem TWEE dinge in hoofstuk 1 wat aandui dat Ma verander het na Rosalie se dood. | (2) [3] |
| 1.3 | Haal 'n vergelyking op bladsy 2 aan en verduidelik waarom die vergelyking funksioneel is. | (2) [3] |
| 1.4 | Waarom dink jy het Zander die venster gebreek en voel hy nie jammer oor die skade nie? | (1) [4] |
| 1.5 | <u>Voltooi:</u><br>Zander is in graad ................ en is ................ jaar oud. | (2) [2] |
| 1.6 | Het jy simpatie (kry jy hom jammer?) met Zander se rebelse optrede? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 2**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Kies die regte antwoord tussen hakies en motiveer jou keuse.<br>Zander beleef (innerlike/uiterlike) konflik aan die begin van hoofstuk 2. | (2) [2,3] |
| 2.2 | Gee 'n bewys, op bladsy 4, dat Ma nie Rosalie se dood kan verwerk nie. | (1) [3] |
| 2.3 | Verskaf 'n karaktereienskap wat jy uit die beskrywing van Rosalie op bladsy 4 en 5 kan aflei. | (1) [3] |
| 2.4 | Waarom wou niemand die huis in die doodloopstraat koop nie? | (1) [2] |
| 2.5 | "*Agter die huis kruip die swembad tussen die hoë gras weg ...*"<br>Watter soort beeldspraak kom in bogenoemde aanhaling voor? | (1) [3] |
| 2.6 | Hoe lank gelede is Rosalie oorlede?<br><u>Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer van die vraag en die letter neer. Bv. 2.6 D</u> | (1) [1] |

| | | |
|---|---|---|
| | A. 2 jaar<br>B. 6 maande<br>C. 4 weke<br>D. 8 maande | |
| 2.7 | "*... maar kan ons nie, maar aangaan met ons lewens nie. Ek meen, ek en my ma en pa, ons al drie is mos nog hier. Ons drie lewe darem nog.*" (Bladsy 7)<br>Dink jy Zander se gedagtes oor Rosalie se dood is aanvaarbaar (reg) of ongevoelig (verkeerd)? Motiveer jou antwoord. | (2) [2,4] |
| 2.8 | Ma word op bladsy 8 metafories gelykgestel aan 'n donker kol. Evalueer die geskiktheid van hierdie tipe beeldspraak binne die konteks van hoofstuk 2. (Dink jy dit is 'n goeie metafoor en hoe pas dit by die beskrywing van donker in hoofstuk 2) | (1) [5] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 3**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Waarom is Mieke en Zander elke dag in mekaar se geselskap? | (1) [1] |
| 3.2 | Wat word bedoel met: "En sy is baie skerp."? | (1) [3] |
| 3.3 | Hoe verskil Mieke van die ander mense omtrent Rosalie se dood? | (1) [2] |
| 3.4 | Hoekom vra die onderwysers nie vir Zander se huiswerk nie? | (1) [3] |
| 3.5 | Noem TWEE veranderings in Zander se lewe ná die dood van Rosalie? | (2) [2] |
| 3.6 | "*Hy is baie sportief en doen **gewigstoot** en hy speel ook vir die A-rugbyspan **stut**.*" (Bladsy 11)<br>Wat kan jy aflei uit die twee vetgedrukte woorde omtrent Ruben se fisiese voorkoms (hoe hy lyk)? | (1) [3] |
| 3.7 | Waarom probeer Zander om Mieke se aandag van Ruben af te lei? | (1) [4] |
| 3.8 | Sou jy eerder 'n opstel of gedig wou skryf vir 'n Afrikaans-projek of sal jy ook verkies om 'n kortfilm te maak? Motiveer jou antwoord. | (2) [3,4] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 4**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Wat is Mieke se hond se naam? | (1) [1] |
| 4.2 | Watter kontras (teenoorgesteldes) is daar tussen Zander en Mieke se huislike omstandighede? | (2) [3] |
| 4.3 | Verduidelik waarom Mieke se ma in 'n rolstoel is. | (1) [2] |
| 4.4 | Waarom kan Mieke as 'n entrepreneur beskou word? | (1) [3] |
| 4.5 | Op watter manier kan die tema van verlies op Mieke en haar ma onderskeidelik van toepassing wees? | (2) [2] |
| 4.6 | Hoe verskil Bongani en Ruben oor die wildtuin? (Bladsy 15-16) Met watter een van die twee karakters stem jy saam? Motiveer jou antwoord. | (2) [3,4] |

| | | |
|---|---|---|
| 4.7 | Dink jy die ou huis in die doodloopstraat is die geskikte (goeie) plek om die kortfilm te skiet? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 5**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Wat wil Zander in Pa se studeerkamer gaan haal? Verduidelik waarom hy die item nodig het? | (2) [1] |
| 5.2 | Dink jy dit is aanvaarbaar (reg) dat Zander sy pa se studeerkamer sonder sy toestemming binnegaan en die item vat? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 5.3 | Hoe beskryf Zander die atmosfeer in Pa se studeerkamer? Is dit na jou mening 'n goeie beskrywing? Verduidelik waarom jy so dink? | (2) [1,3] |
| 5.4 | Waarom dink jy is daar so baie boeke in Pa se studeerkamer? | (1) [4] |
| 5.5 | Aan watter insident (voorval) laat Pa se donker studeerkamer vir Zander dink? | (1) [1] |
| 5.6 | Waarom skrik Zander toe hy die hek hoor oopgaan? | (1) [3] |
| 5.7 | Wat het Zander op die grond laat val? Waarom is hierdie voorwerp vir sy pa belangrik? | (2) [1,3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 6**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Wat bring Pa vir aandete huis toe? | (1) [1] |
| 6.2 | Watter afleiding kan jy maak uit die vuil ontbytborde? | (1) [3] |
| 6.3 | Waarom dink Zander slaap Ma saans sleg? Stem jy saam met hom? Motiveer jou antwoord. | (2) [1,5] |
| 6.4 | "*Ek wil iets sê. Of vra. Maar ek het te lank gewag. Dit voel of ek dadelik moes gepraat het toe ons begin eet het. Nou is dit te laat Die stilte raak al groter, <u>asof dit my kan insluk, soos 'n onsigbare monster.</u>*" | |
| 6.4.1 | Kies die regte antwoord uit die woorde tussen hakies: Die tema van (verlies, gebrekkige kommunikasie, misdaad) kom voor in dié aanhaling. | (1) [3] |
| 6.4.2 | Benoem die beeldspraak in die onderstreepte woorde. | (1) [2] |
| 6.5 | Waaraan dink Zander die hele tyd terwyl hy en sy pa eet? | (1) [1] |
| | Dink jy hy het rede om skuldig te voel daaroor? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 6.6 | Waarom maak Pa die deur van Rosalie se kamer toe? | (1) [3] |
| 6.7 | Wat is die funksie van die retoriese vrae aan die einde van die hoofstuk? | (1) [3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 7**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Hoekom voel Zander terselfdertyd benoud (bang) asook opgewonde oor die gebreekte bakkie van Rosalie se hand toe hy dit van nader bekyk? | (2) [3] |
| 7.2 | Wat soek Zander in die garage? | (1) [2] |
| 7.3 | Verduidelik wat die rede is vir die uiterlike konflik tussen Pa en Zander? | (1) [2] |
| | Word hierdie konflik ontlont (opgelos)? Motiveer jou antwoord. | (1) [3] |
| 7.4 | Hoe gee die uiterlike konflik tussen Pa en Zander aanleiding tot Zander se innerlike konflik? | (1) [3] |
| 7.5 | Dink jy dit is regverdig van Pa om die onkoste van die skade van die ruit van Zander se sakgeld af te trek? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 7.6 | Watter krisis (groot probleem) ontstaan in Zander se kamer? | (1) [2 |
| 7.7 | Zander steek die bakkie van Rosalie se hand onder sy T-hemp weg wanneer Pa in die kamer inkom. Sou jy dieselfde gedoen het as hy? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 7.8 | Hoe reageer Pa oor Zander se "swart tande"? | (1) [2] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 8**




**Foto: Cutex remover en Super Glue**

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Watter plek is Ruben, Bongani en Zander se gunsteling kuierplek? | (1) [1] |
| 8.2 | Verduidelik wat Zander op bladsy 31 bedoel wanneer hy sê dat hy "nie-amptelik" gehok is. | (2) [2] |
| 8.3 | Verklaar waarom Ruben en Bongani op bladsy 32 verward voel oor Zander se verwysing na Rosalie se hand. | (1) [3] |
| 8.4 | Hoe verskil Ruben en Bongani se reaksie aangaande Rosalie se dood van Mieke s'n? | (2) [3] |
| 8.5 | Kies die regte antwoord uit die getal tussen hakies: *Rosalie was in graad (2,6,10) toe sy oorlede is.* | (1) [1] |

| | | |
|---|---|---|
| 8.6 | Op watter manier help Ruben en Bongani vir Zander met sy krisis aangaande die gebreekte bakkie van Rosalie se hand? | (1) [2] |
| 8.7 | Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord deur 'n bewys op bladsy 34 te gee.<br>*Zander is ernstig oor die orkesoefening (jam) wat hy volgende week gaan bywoon.* | (1) [4] |
| 8.8 | Wat is die doel van die tamatiesous wat Zander in sy sak druk? | (1) [3]<br>**[10]** |


**Hoofstuk 9**

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Hoe sluit hoofstuk 9 se eerste sin by hoofstuk 8 aan? | (1) [3] |
| 9.2 | Zander het 'n ryke verbeelding.<br>Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 9.3 | Wat wil Zander uit sy ma se badkamerkassie gaan haal? Wat wil hy daarmee doen? | (2) [2] |
| 9.4 | Waarmee eksperimenteer Zander in sy kamer?<br>Wat het die eksperiment tot gevolg? | (1) [1]<br>(1) [3] |
| 9.5 | Dink jy dit is regverdig dat Pa vir Zander kwaad is oor die rooi viltpen-merke en die tamatiesous op sy gesig? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 9.6 | "*Die Cutex-botteltjie brand voor in my hemp.*" (Bladsy 39)<br>Word hierdie aanhaling denotatief (letterlik) of konnotatief (figuurlik) bedoel? Motiveer jou antwoord. | (2) [2,3] |
| 9.7 | Watter handeling van Zander beklemtoon sy frustrasie? | (1) [3]<br>**[10]** |

**Hoofstuk 10**

| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Wat eet Zander hulle die aand? | (1) [1] |
| 10.2 | Noem 'n item op bladsy 40 wat met seerowers geassosieer word. | (1) [2] |
| 10.3 | Watter gemeenskaplike eienskap (iets waaroor hulle dieselfde voel) van Mieke en Zander kom in hierdie hoofstuk na vore? | (1) [3] |
| 10.4 | Waarop dink jy dui die boodskap op die vlag van die seerowers wat Zander op die internet sien? | (1) [4] |
| 10.5 | Verduidelik waarom Zander glo dat 'n videokamera beter is as 'n selfoon om die film te skiet. | (1) [3]<br>**[5]** |

**Hoofstuk 11**



**Foto's: Kinders in seerower-kostuums**

| | | |
|---|---|---|
| 11.1 | Waarom is daar konflik ('n woordewisseling) tussen Ruben en sy vriende? Hoe word die konflik ontlont (opgelos)? | (2) [1] |
| 11.2 | Lug jou mening oor die vier vriende wat die buurman se kano sonder toestemming vat. (Dink jy dit is reg?) | (1) [5] |
| 11.3 | Ruben dra alleen die kano toe Bongani en Zander wil rus en begin kla. Wat kan jy hieruit aflei? | (1) [3] |
| 11.4 | Gee TWEE redes waarom die vriende skrikkerig is toe hulle by die ou vervalle huis aankom? Wat veroorsaak dat hierdie vrees toeneem? | (3) [2,3] |
| 11.5 | Sou jy ook weggehardloop het soos die vier vriende? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 11.6 | Wanneer beplan die kinders om die video te verfilm? Hoekom is dit volgens Ruben 'n goeie tyd? | (2) [1] |
| | | **[10** |

**Hoofstuk 12**

| | | |
|---|---|---|
| 12.1 | Noem TWEE dinge wat veroorsaak dat Zander die aand wakker lê? | (2) [2] |
| 12.2 | Watter TWEE temas word in hierdie hoofstuk deur Zander se handeling (dit wat hy doen) en dialoog (dit wat hy sê) beklemtoon? | (2) [3] |
| 12.3 | Dink jy Zander se belofte aan sy pa, dat geen van sy vriende na hulle huis toe mag kom nie, is opreg? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 13**



**Foto's: Juwele en 'n silwerkandelaar**

| | | |
|---|---|---|
| 13.1 | Waarvoor benodig Zander Ma se juwele en die ornamente? | (1) [1] |
| 13.2 | Dink jy dit is reg dat hy Ma se juwele sonder toestemming vat? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 13.3 | Wat dink Zander soek die buurman by hulle huis? | (1) [2] |
| 13.4 | Op watter manier verhoed Zander moontlike konflik tussen hom en die buurman? | (1) [1] |
| 13.5 | Waarom is die akkerboom Zander se gunsteling wegkruipplek? | (1) [3] |
| 13.6 | Stem jy saam dat die ruimte (die plek) eerder 'n rivier- as 'n seetoneel skep? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 13.7 | Watter insident het aanleiding gegee tot die ontdekking van die lyk in die ou swembad? | (1) [3] |
| 13.8 | "*My voete is vasgegom aan die grond soos Rosalie se twee vingers aan my lessenaar.*" (Bladsy 55) Verduidelik die denotatiewe (letterlike) en konnotatiewe (figuurlike) betekenis in hierdie aanhaling. | (2) [3] |
| 13.9 | Waarom dink Ruben dat die vrou in die swembad vermoor is? | (1) [2] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 14**

| | | |
|---|---|---|
| 14.1 | Bestudeer die aanhaling, lees die vrae en kies die korrekte antwoord tussen hakies.<br>"*Hulle het <u>nes in die flieks</u> in honderde polisiemotors met **loeiende** sirenes aangejaag gekom en die hele pad vol parkeer.*" | |
| 14.1.1 | Die beeldspraak in die onderstreepte woorde is 'n voorbeeld van 'n (vergelyking, metafoor, personifikasie). | (1) [2] |
| 14.1.2 | Die stylfiguur in die vetgedrukte woord is 'n voorbeeld van (eufemisme, klanknabootsing, ironie). | (1) [3] |
| 14.1.3 | (Ruben, Mieke, Bongani) se pa ontbied die polisie na die misdaadtoneel. | (1) [2] |
| 14.2 | Verduidelik waarom Zander ontevrede is wanneer die polisieman hulle wegjaag. | (1) [2] |
| 14.3 | Waarom kan Zander-hulle nie die buurman se kano teruggee nie? Gee TWEE redes. | (2) [3] |
| 14.4 | Hoe lank gelede het die lyk in die swembad beland? | (1) [2] |
| 14.5 | Hoe verskil Bongani en Mieke oor die lyk wat ontdek is? | (1) [3] |
| 14.6 | Wat dink jy sal Zander se ouers se reaksie wees as hulle hoor dat Zander by die ou huis in die doodloopstraat was en van die lyk wat hulle daar ontdek het. Motiveer jou antwoord. | (2) [4] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 15**

| | | |
|---|---|---|
| 15.1 | Wat onthou Zander toe hy die aand in die bed lê? | (1) [1] |
| 15.2 | Waarom dink jy bel Zander vir Bongani, en nie vir Ruben nie, om saam met hom terug te gaan na die huis in die doodloopstraat? | (1) [4] |
| 15.3 | Wat is die funksie van die kursief gedrukte woorde op bladsy 61? | (1) [2] |
| 15.4 | Hoekom maak Zander asof hy slaap toe sy pa in sy kamer inkom? Gee TWEE redes. | (2) [3] |
| 15.6 | Sou jy saam met Zander na die ou huis toe teruggegaan het? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 15.7 | Haal 'n sin op bladsy 64 aan wat dui op Zander se ryk verbeelding. | (1) [3] |
| 15.8 | Waar gaan skuil Zander en Bongani toe die polisie opdaag? Waarom het die polisievoertuig by die huis in die doodloop gestop? | (2) [1] |
| 15.9 | Op watter manier word die spanning wat die twee vriende beleef tipografies (die manier hoe paragrawe en sinne gedruk is) op bladsy 65 beklemtoon? | (1) [3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 16**

| | | |
|---|---|---|
| 16.1 | Waarom is Zander in die moeilikheid by sy pa? | (1) [1] |
| 16.2 | Waaruit kan jy aflei dat daar 'n gebrek aan kommunikasie tussen Pa en Zander is? | (1) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| 16.3 | Dink jy dit is regverdig van Zander om vir sy pa te sê hoe hy oor sy ma se gedrag voel? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 16.4 | "*Uit tien, Pa, hoe belangrik is ek?*" (Bladsy 67)<br>Wat is die funksie van die retoriese vraag? | (1) [3] |
| 16.5 | Word die konflik tussen Pa en seun in hierdie hoofstuk opgelos? Motiveer jou antwoord. | (1) [3] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 17**

| | | |
|---|---|---|
| 17.1 | Waarmee hou Zander homself besig toe sy ouers die middag ry? | (1) [1] |
| 17.2 | Wat ontdek Zander toe hy die video redigeer? | (1) [2] |
| 17.3 | Watter afleiding maak Mieke toe Zander haar van sy ontdekking vertel? Dink jy sy is reg? Motiveer jou antwoord. | (2) [3,4] |
| 17.4 | Verduidelik waarom Zander nie vir sy ouers wil vertel van sy ontdekking nie. | (1) [3] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 18**

| | | |
|---|---|---|
| 18.1 | Watter dag van die week speel die gebeure in dié hoofstuk af? | (1) [3] |
| 18.2 | Wat besluit die vier vriende om met die foto-uitdruk te maak? | (1) [2] |
| 18.3 | Wat leer die leser in hiérdie hoofstuk van Ruben? | (1) [1] |
| 18.4 | Verduidelik waarom dit belangrik is dat die vermeende moordenaar nie moet weet van die foto nie. | (1) [3] |
| 18.5 | Wie dink jy is die man op die foto? | (1) [4] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 19**




**Foto's: SAP-kenteken en polisiekantoor**

| | | |
|---|---|---|
| 19.1 | Wat dink Zander van die polisieman wat hom by die toonbank help? | (1) [3] |
| 19.2 | Kies uit kolom B die beskrywing wat die beste by die karakter in kolom A pas. Skryf slegs die nommer en die regte letter neer. | (4) [2] |

| | KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|---|
| 19.2.1 | Mieke | A. Die ondersoekbeampte in die moordsaak. |
| 19.2.2 | Zander | B. Sy is die vrou wat in die swembad gevind is. |
| 19.2.3 | Sersant Brink | C. Hy het die foto-uitdruk vir die polisie gewys. |
| 19.2.4 | Isabella | D. Sy wag buite die polisiekantoor vir Zander. |

| | | |
|---|---|---|
| 19.3 | Waarom is Zander bekommerd toe die polisieman hom na sy kantoor toe vat? | (1) [2] |
| 19.4 | Haal TWEE bewyse op bladsy 76 aan wat toon dat die polisieman die man op die foto se identiteit probeer wegsteek. | (2) [3] |
| 19.5 | Watter fout maak Zander op bladsy 77?<br>Dink jy Zander is dapper of dom om hierdie fout te maak? Motiveer jou antwoord. | (1) [2]<br>(1) [4] |
| 19.6 | Hoe pas die polisieman se handeling en voorkoms by sy karakter? (Bladsy 77) | (2) [3] |
| 19.7 | Wat beveel die polisieman vir Zander om te doen? Dink jy hierdie bevel sal die probleem oplos? Motiveer jou antwoord. | (2) [1,4] |
| 19.8 | Hoe slaag die polisieman daarin om vir Zander te dwing om te doen wat hy hom beveel? | (1) [2] |
| 19.9 | Hoe sou jy opgetree het as jy in dieselfde situasie as Zander was? | (1) [5] |
| 19.10 | Wat is die funksie van die kursief gedrukte woorde op bladsy 78? | (1) [3] |
| 19.11 | Hoe sluit Zander se bewende hande aan by die situasie waarin hy hom bevind? | (1) [3] |
| 19.12 | Verduidelik waarom Zander se besoek aan die polisiekantoor die wending (groot verandering) in die verhaal is. | (1) [4] |
| 19.13 | Verduidelik die ironie van die situasie waarin Zander hom bevind. | (1) [3] |
| | | **[20]** |

**Hoofstuk 20**

| | | |
|---|---|---|
| 20.1 | Wat kan jy aflei van Zander se gemoedstoestand (hoe hy voel) na hy uit die polisiekantoor kom? | (1) [3] |
| 20.2 | Stem jy saam dat dit die beste is as Mieke nie weet wat in die polisiekantoor gebeur het nie? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 20.3 | Wat is die verskoning wat Zander uitdink sodat Mieke moet dink dat die man op die foto nie die moordenaar is nie? | (1) [2] |
| 20.4 | Waarom beleef Zander innerlike konflik in hierdie hoofstuk? | (1) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| 20.5 | Wat moet Mieke by Zander se huis gaan doen? | (1) [2]<br>**[5]** |

**Hoofstuk 21**



**Foto: Jack Russel**

| | | |
|---|---|---|
| 21.1 | Waar was Zander toe Mieke hom gebel het? Waarom het sy hom gebel? | (2) [1] |
| 21.2 | Verduidelik waarom Zander nie dadelik na Mieke toe kon gaan nie? Gee TWEE redes. | (2) [3] |
| 22.3 | Hoekom het Zander eers huis toe gehardloop? | (1) [3] |
| 22.4 | Waarom het sersant Brink vir Charlie in so ’n toestand in die swembad van die ou huis gelos? | (1) [4] |
| 22.5 | Waarom dink Zander daaraan om vir Charlie by hulle huis te los? Wat verhoed (keer) hom om dit te doen? | (2) [2] |
| 22.6 | Lug jou mening oor sersant Brink se handeling. | (1) [5] |
| 22.7 | Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Gee ’n rede vir jou antwoord.<br>*Zander gaan vir Mieke sê waar hy vir Charlie gekry het.* | (1) [3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 22**

| | | |
|---|---|---|
| 22.1 | Wat wil Zander doen voordat hy die hondjie vir Mieke gee? Hoekom wil hy dit doen? | (2) [2] |
| 22.2 | Haal TWEE bewyse op bladsy 87 aan wat aandui dat dit somer is. | (2) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| 22.3 | Waarom hardloop Zander na Mieke se huis toe? | (1) [2] |
| 22.4 | "*My hart klop asof ek 'n hele Comrades agter die rug het.*" | |
| 22.4.1 | Benoem die beeldspraak in bogenoemde aanhaling. | (1) [2] |
| 22.4.2 | Dink jy die beeldspraak is gepas? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 22.5 | Gee TWEE redes waarom Zander die vleispasteitjies so geniet. | (2) [3] |
| 22.6 | Waarom is die herhaling van die titel op bladsy 89 funksioneel? | (1) [5] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 23**

| | | |
|---|---|---|
| 23.1 | Watter tipe konflik ondervind Zander as hy dit nie regkry om sy huiswerk te doen nie? Wat is die oorsaak (rede) van hierdie konflik? | (2) [2,3] |
| 23.2 | Waarom dink jy kon Zander nie die eerste keer die vingers van Rosalie se hand van die lessenaar af loskry nie? | (1) [4] |
| 23.3 | "*En enige tyd bereid was om die TV se remote nader te bring.*" (Bladsy 91)<br>Kies die karaktereienskap van Rosalie wat die beste by die aanhaling pas. Skryf slegs die nommer en die letter neer. Bv. 23.3 A<br>A. Skaam<br>B. Bedagsaam<br>C. Vrygewig<br>D. Hardwerkend | (1) [3] |
| 23.4 | Wat was die rede vir Rosalie se dood? | (1) [1] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 24**

| | | |
|---|---|---|
| 24.1 | Waarom wil Zander nie sy selfoon antwoord nie? | (1) [3] |
| 24.2 | Hoekom dink Mieke dat Charlie beter voel? | (1) [2] |
| 24.3 | Waarom is die koerantopskrif op die lamppaal ironies? | (1) [3] |
| 24.4 | Vir wie dink jy kan Zander vertel van die moordenaar? Gee 'n rede vir jou antwoord. | (2) [1,4] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 25**

| | | |
|---|---|---|
| 25.1 | Waarom soek die buurman vir Zander? | (1) [2] |
| 25.2 | Waarmee is Bongani besig toe Zander by sy huis aankom? | (1) [1] |
| 25.3 | Wat dink jy het van die buurman se kano geword? | (1) [4] |
| 25.4 | Zander het baie probleme. Wat is sy grootste probleem? Motiveer jou antwoord. | (2) [3] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 26**



**Foto: dwelmmiddel (kokaïen) in 'n sakkie**

https://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/thumb/a/a2/Bag_of_cocaine.jpg/640px-Bag_of_cocaine.jpg

| | | |
|---|---|---|
| 26.1 | Wat is die eintlike rede waarom die polisieman na Zander se selfoon wil kyk? | (1) [2] |
| 26.2 | Zander dink die sersant is naïef. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 26.3 | Op watter manier kon sersant Brink in Zander-hulle se huis gekom het? | (1) [3] |
| 26.4 | Kies die korrekte antwoord uit die woorde tussen hakies: Zander vind 'n klein pakkie dwelms in sy (*broeksak, stewels, baadjiesak*). | (1) [1] |
| 26.5 | Waarom probeer Zander die dwelms in die toilet afspoel? | (1) [3] **[5]** |

**Hoofstuk 27**

| | | |
|---|---|---|
| 27.1 | Waarom is Zander se ma vies wanneer hy die toilet herhaaldelik spoel? | (1) [2] |
| 27.2 | Ma reageer nie soos wat hy verwag het toe hy vir haar sê dat hy dwelms in die toilet afgespoel het nie. Wat is die rede daarvoor? | (1) [2] |
| 27.3 | Waarom voel Zander ontevrede met sy ma se optrede na Rosalie se dood? | (2) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| 27.4 | Hoe word Zander se woede deur middel van sy woorde: “*En ek LEWE nog!*” beklemtoon? Hoe ondersteun sy handeling sy woorde? | (2) [3,2] |
| 27.5 | Waarom kom Zander se pa later die aand na sy kamer? | (1) [2] |
| 27.6 | Haal ’n sin aan die einde van bladsy 104 aan wat bewys dat Pa se poging opreg is. | (1) [2] |
| 27.7 | Wat is die werklike rede waarom Zander nie die deur vir sy pa wil oopmaak en met hom praat nie? | (1) [4] |
| 27.8 | Keur jy Zander se gedrag teenoor sy ouers goed? (Dink jy dit is reg) Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 28**

| | | |
|---|---|---|
| 28.1 | Watter dag van die week is dit? | (1) [1] |
| 28.2 | Hoe het Zander dit reggekry om sy ma voor skool te ontwyk? | (1) [2} |
| 28.3 | Wie is Zander se Afrikaans onderwyser? | (1) [1] |
| 28.4 | Waarom voel Zander skuldig omdat Mieke nul vir die Afrikaans taak vir die kunstefees gaan verdien? | (1) [3] |
| 28.5 | Dink jy Zander se verskoning dat hy vergeet het, is geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 28.6 | Watter een van die vriende het die meeste simpatie met Zander? Motiveer jou antwoord. | (2) [3] |
| 28.7 | Hoe word Zander se innerlike konflik opgelos? | (1) [2] |
| 28.8 | “*Dis die gevoel van alleen wees wat ’n mens vang*.” Hoe kan hierdie woorde ook op Zander se huislike omstandighede van toepassing wees? Motiveer jou antwoord. | (1) [3] |
| 28.9 | Hoe sal die feit dat meneer Vorster weet van Zander se situasie aangaande die polisieman, maar nie sy ouers daarvan vertel het nie, sy verhouding met hulle beïnvloed? | (1) [4] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 29**

| | | |
|---|---|---|
| 29.1 | Waar is die vier vriende? | (1) [1] |
| 29.2 | Waarom moes meneer Vorster volgens wet teenwoordig wees tydens die vier vriende se ondervraging deur die speurder? | (1) [3] |
| 29.3 | Waaroor is Bongani bly? | (1) [1] |
| 29.4 | Hoe het meneer Vorster die konflik aangaande die Afrikaanse projek vir die kunstefees opgelos? | (1) [3] |
| 29.5 | Watter onaangename verrassing kry Zander toe hy by die huis kom? Hoe dink jy kan die insident Zander se lewe beïnvloed? | (2) [2,4] |
| 29.6 | Waarom weet Zander dat sersant Brink gevaarlik is? | (1) [2] |
| 29.7 | “*Jy het gekies om te praat. My lewe op te neuk.*” (Bladsy 111} Verduidelik waarom die aanhaling ironies is. | (1) [3] |
| 29.8 | “*Ek land langs my ma se Yesterday, Today and Tomorrow.*” Wat is die moontlike simboliese waarde van die verwysing? | (1) [4] |

| | | |
|---|---|---|
| 29.9 | Wat is die rede waarom Zander nie teëstribbel om saam met die skelm polisieman te gaan nie. | (1) [3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 30**



**Foto: kabelbinders**

| | | |
|---|---|---|
| 30.1 | Hoe word die titel van die roman in hierdie hoofstuk beklemtoon? | (1) [2] |
| 30.2 | Verduidelik die uiterlike konflik op bladsy 114. | (1) [2] |
| 30.3 | Hoe verhoed (keer) die sersant dat Zander kan ontvlug? | (1) [2] |
| 30.4 | Wat dink jy het die polisieman die afgelope paar maande by die verlate huis in die doodloopstraat gedoen? | (1) [4] |
| 30.5 | Na watter hoofstuk verwys die eerste paragraaf op bladsy 115? | (1) [3] |
| 30.6 | Na watter voorval verwys sersant Brink wanneer hy praat van die vorige Vrydagmiddag? (Bladsy 115) | (1) [2] |
| 30.7 | Tot watter gevolgtrekking gaan Zander se ouers moontlik kom wanneer hulle agterkom dat sy kamerdeur van binne gesluit is? | (1) [3] |
| 30.8 | Waarom dink jy het sersant Brink vir Zander ontvoer? | (1) [4] |
| 30.9 | Noem 'n emosie (hoe hy voel) wat Zander in hierdie situasie ondervind. Motiveer jou antwoord. | (2) [3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 31**

| | | |
|---|---|---|
| 31.1 | "*En ek voel of ek 'n <u>hele trop beeste kan opeet</u>.*" (Bladsy 117)<br>Kies die stylfiguur wat in die onderstreepte woorde voorkom uit die volgende opsies. Skryf slegs die nommer van die vraag en die regte letter. Bv. 31.1 B<br>A. metafoor<br>B. klanknabootsing<br>C. eufemisme<br>D. hiperbool | (1) [3] |
| 31.2 | Verduidelik wat Bongani en Ruben by die ou vervalle huis doen. | (2) [2] |
| 31.3 | Waar is die buurman se kano? Motiveer jou antwoord. | (2) [2] |
| 31.4 | Wat dink Bongani is die oorsaak van die gekreun in die ou huis? | (1) [2[ |

| | | |
|---|---|---|
| 31.5 | Verduidelik waarom Ruben sal reageer op die spesifieke geluid wat Zander op bladsy 120 maak. | (1) [3] |
| 31.6 | Wat kan jy aflei uit Bongani wat telkens wanneer hulle in die nood is sy pa bel? | (1) [3] |
| 31.7 | Dink jy Ruben is waaghalsig om ’n gewapende moordenaar met ’n roeispaan te slaan? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 31.8 | Wat kon met Zander gebeur het as sy vriende nie opgedaag het nie? | (1) [3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 32**

| | | |
|---|---|---|
| 32.1 | Noem TWEE veranderings in Zander-hulle se huishouding. | (2) [2] |
| 32.2 | Wat het Zander se ouers gedink toe hulle hom nie in sy kamer gekry het nie? Verduidelik wat die moontlike rede van hulle vermoede kon wees. | (2) [3] |
| 32.3 | Waarvoor het sersant Brink die ou vervalle huis in die doodloopstraat gebruik? | (1) [1] |
| 32.4 | Wat was die oorsaak van Isabella se dood? | (1) [2] |
| 32.5 | Wat kan jy aflei uit Mieke se uitnodiging aan Zander om die aand saam met haar te gaan flieks kyk? | (1) [3] |
| 32.6 | Watter verskil is daar in Ma se houding in die eerste en laaste hoofstuk van die roman? | (1) [3] |
| 32.7 | Gebruik jou verbeelding en skryf ’n ander slot (in die plek van bladsy 124) vir die roman. | (2) [5] |
| | | **[10]** |

## 2. Moontlike antwoorde

### Hoofstuk 1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Die eerstepersoonsverteller (ek-verteller) ✓<br>Omdat Zander die verteller is, kan hy sy eie emosies aangaande sy suster se dood en sy ouers se reaksie daarop die beste beskryf. / Dit skep geloofwaardigheid, want die verhaal is deur die oë van 'n tiener wat sy suster aan die dood afgestaan het, beskryf. ✓ | (2) [2] |
| 1.2 | Ma versorg nie meer haar Icebergs nie. ✓ Sy versorg nie meer haarself nie, haar hare is onnet. ✓ | (2) [3] |
| 1.3 | "... asof hulle met diamante bestrooi is" ✓<br>Dit is funksioneel omdat diamante blink net soos wat glasstukke in die son blink. ✓<br>OF<br>"... wit roosblare wat soos duifvere grond toe val" ✓<br>Die funksie daarvan is om die roosblare wat saggies val te beskryf. / Die roosblare is wit soos die wit vere van 'n duif. ✓<br>OF<br>"Ek voel soos 'n moordenaar van my ma se hart." ✓ Dit is funksioneel, want die beklemtoon dat Zander gewetenloos is omdat hy sy ma se hart breek. ✓ | (2) [3] |
| 1.4 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy wil aandag trek. / Hy is kwaad vir sy ma. ✓<br>(Enige relevante antwoord.) | (1) [4] |
| 1.5 | Zander is in graad **nege** ✓ en is **vyftien** ✓ jaar oud. | (2) [2] |
| 1.6 | Ja, want dit lyk asof hy afgeskeep word en hartseer is.<br>OF<br>Nee, dit is onnodig om goed te breek om aandag te trek. Hy kon eerder met sy ma gepraat het oor dit wat hom pla. ✓<br>(Enige relevante antwoord) | (1) [5] |
| | | **[10]** |

### Hoofstuk 2

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Innerlike konflik. ✓<br>Zander wroeg oor die feit dat hy afgeskeep word (nie raakgesien word nie) / Hy voel ongelukkig omdat sy ouers nie met hom praat nie. ✓ | (1) [2]<br>(1) [3] |
| 2.2 | Ma lê en huil op Rosalie se bed. / Ma bêre nie Rosalie se skoolklere nie al is sy reeds vier weke gelede oorlede. ✓ | (1) [3] |
| 2.3 | Sy was vrolik/lewenslustig/liefdevol ✓<br>(Enige soortgelyke antwoord) | (1) [3] |
| 2.4 | Daar is twee mense in die huis dood. /Die lyke van die mense het twee dae (die hele naweek) in die huis gelê voor dit ontdek is. ✓ | (1) [2] |
| 2.5 | Personifikasie ✓ | (1) [3] |
| 2.6 | C. 4 weke ✓ | (1) [1] |
| 2.7 | Aanvaarbaar, ✓ want die lewe gaan aan en hy ly daaronder. ✓ | (2) [2,4] |

| | | |
|---|---|---|
| | OF<br>Ongevoelig, ✓ elke mens ervaar hartseer anders, hy moet sy ma kans gee om te rou oor haar dogter. ✓ | |
| 2.8 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit is donker in die huis en Ma se beeld is onduidelik in die donker. ✓ | (1) [5] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 3**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Hulle is in dieselfde voogklas (registerklas) en sit naby mekaar omdat hulle alfabeties moet sit. ✓ (Mieke Stadler en Zander Truter) | (1) [1] |
| 3.2 | Dit beteken dat Mieke slim is of maklik nuwe werk snap. ✓ | (1) [3] |
| 3.3 | Mieke is ondersteunend en maak nie asof dit nie gebeur het nie, terwyl die ander nie weet hoe om daarop te reageer nie. ✓ | (1) [2] |
| 3.4 | Hulle bejammer hom. / Hulle is bang hulle ontstel hom. ✓ | (1) [3] |
| 3.5 | Hy speel nie meer in die orkes nie. (Speel nie meer kitaar nie.) / Luister nie meer na musiek nie. (Hy "jam" nie meer nie.) ✓<br>Hy wil nie meer opstelle skryf nie. / Hy wil nie meer goed uitdink nie. ✓ | (2) [2] |
| 3.6 | Hy is waarskynlik groot gebou, want iemand wat stut speel in 'n rugbyspan is een van die grootste spelers op die veld. / Alhoewel tegniek 'n belangrike rol speel, is die meeste atlete wat gewigstoot doen gewoonlik groot gebou. ✓ | (1) [3] |
| 3.7 | Hy is moontlik jaloers en hou nie daarvan as sy oor Ruben praat nie. ✓ | (1) [4] |
| 3.8 | Persoonlike opinie ✓ en motivering op grond van leerling se keuse. ✓ | (2) [3,4] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 4**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Charlie ✓ | (1) [1] |
| 4.2 | Daar is 'n vrolike atmosfeer by Mieke-hulle, maar by Zander-hulle se huis is die atmosfeer hartseer/neerdrukkend. /Mieke se ma is in 'n rolstoel, maar sy maak steeds kos en is vriendelik, terwyl Zander se ma gesond is, maar nie wil kos maak nie en die hele tyd huil. / Die vensters is wyd oop by Mieke-hulle, maar by Zander-hulle is die gordyne toe en is die huis donker. /Zander het sy suster verloor en Mieke het haar pa verloor. ✓✓<br>(Enige TWEE van bogenoemde. Daar moet na beide huise verwys word om die kontras aan te dui en 'n punt te verdien.) | (2) [3] |
| 4.3 | Sy en haar man was twee jaar gelede in 'n ongeluk, haar man is oorlede en sy is verlam. ✓ | (1) [2] |
| 4.4 | Sy bak "brownies" en verkoop dit by die skool vir sakgeld. ✓ | (1) [3] |
| 4.5 | Mieke het haar pa verloor ✓ en haar ma het haar man EN die gebruik van haar bene verloor. ✓ | (2) [2] |
| 4.6 | Ruben hou van die wildtuin, maar Bongani haat dit om heeldag stil te sit en dit sonder Wi-Fi. ✓ | (1) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Bongani, want ek is heeldag besig om met my vriende te kommunikeer en kan nie sonder Wi-Fi lewe nie,<br>OF<br>Ruben, want ek is mal oor die natuur en hou daarvan om na diere te kyk en foto's te neem. ✓ | (1) [4] |
| 4.7 | Ja, die oerwoud - of eiland voorkoms sal die tonele meer realisties maak.<br>OF<br>Nee, dit kan gevaarlik wees daar, want daar kan dalk slange in die lang gras wees of skelms wat daar bly en hulle kan die kinders seermaak of selfs hulle dood veroorsaak. ✓ | (1) [4] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 5**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | 'n Permanente pen, ✓ want hy wil sy tande swart inkleur sodat hy soos 'n seerower kan lyk. ✓ | (2) [1] |
| 5.2 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Nee, dit sal beter wees as hy vir sy pa daarvoor vra, want sy pa hou nie daarvan as iemand in sy studeerkamer is nie. ✓ | (1) [4] |
| 5.3 | Spokerig. ✓<br>Ja, want dit is donker in die studeerkamer en dit sal 'n mens bang maak. ✓ | (1) [1]<br>(1) [3] |
| 5.4 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Pa is dalk lief vir lees. / Sy pa se beroep vereis dalk dat hy baie naslaanwerk moet doen. ✓ | (1) [4] |
| 5.5 | Die dood van die dokter en sy vrou in die vervalle huis in die doodloopstraat. ✓ | (1) [1] |
| 5.6 | Hy is bang dat sy pa hom in die studeerkamer gaan betrap en dan is hy in die moeilikheid. ✓ | (1) [3] |
| 5.7 | Die bakkie van Rosalie se hand. ✓<br>Dit was 'n Vadersdaggeskenk wat Rosalie spesiaal vir haar pa gemaak het. ✓ | (1) [1]<br>(1) [3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 6**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Kentucky / KFC ✓ | (1) [1] |
| 6.2 | Sy ma is 'n huisvrou (is die hele dag by die huis), maar sy het glad nie skottelgoed gewas nie. ✓ | (1) [3] |
| 6.3 | Hy dink dit is omdat sy die hele dag omslaap. ✓<br>Ja, as 'n mens die hele dag slaap, sal jy moeilik saans aan die slaap raak.<br>Nee, sy treur oor Rosalie en dink dag en nag aan haar, daarom sukkel sy om te slaap. ✓ | (1) [1]<br>(1) [5] |
| 6.4 | | |
| 6.4.1 | Gebrekkige kommunikasie ✓ | (1) [3] |
| 6.4.2 | Vergelyking ✓ | (1) [2] |
| 6.5 | Die groen bakkie van Rosalie se hand. ✓ | (1) [1] |

| | | |
|---|---|---|
| | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Ja, hy moes in die eerste plek nie in sy pa se studeerkamer wees nie en dalk is dit al persoonlike item wat sy pa van Rosalie het.<br>OF<br>Nee, dit was ’n ongeluk, hy het dit nie met opset gebreek nie. ✓ | (1) [4] |
| 6.6 | Hy wil met sy vrou praat en wil nie hê dat Zander moet hoor waaroor hulle praat nie. ✓ | (1) [3] |
| 6.7 | Dit beklemtoon die spanning wat Zander ervaar. / Dit laat die leser nadink of Zander weer in die moeilikheid gaan wees en skep afwagting oor wat sy pa se reaksie gaan wees.✓ | (1) [3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 7**

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Hy voel benoud omdat hy bang is dat hy in die moeilikheid daaroor gaan wees, ✓ maar hy raak opgewonde toe hy sien dat hy dit moontlik kan herstel. ✓ | (2) [3] |
| 7.2 | Gom om die bakkie reg te maak. /’n Gom soos Super Glue. ✓ | (1) [2] |
| 7.3 | Sy pa raas met hom omdat hy die venster (ruit) gebreek het. ✓<br>Nee, Zander sê dat hy nie jammer is nie en sy pa wil nie verder met hom daaroor praat nie. ✓ | (1) [2]<br><br>(1) [3] |
| 7.4 | Zander het aandag probeer soek in ’n poging om met sy ouers te kommunikeer, maar dit was onsuksesvol en sy pa wil nie verder met hom daaroor praat nie. ✓ | (1) [3] |
| 7.5 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Ja, ’n mens moet verantwoordelikheid vat vir jou dade. ✓<br>OF<br>Nee, sy pa kon hom op ’n ander manier gestraf het. ✓<br>(Enige soortgelyke opinie) | (1) [4] |
| 7.6 | Zander plak per ongeluk ’n deel van die bakkie (Rosalie se vingers) aan sy lessenaar vas. ✓ | (1) [2 |
| 7.7 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Ja, as ek alreeds in die moeilikheid is, sal ek verdere konflik probeer vermy.<br>OF<br>Nee, ek sal eerder vir my pa daarvan vertel, miskien het hy goeie raad om die vingers los te kry en dan sal hy my vergewe. ✓ | (1) [5] |
| 7.8 | Hy is geskok en dink dat daar werklik iets fout is met Zander se tande ✓ en sê Zander moet sy tande gaan skoonmaak. ✓ | (1) [2] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 8**

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | McDonalds ✓ | (1) [1] |
| 8.2 | Dit beteken hy steur hom nie daaraan nie ✓ omdat sy ma nie sal agterkom as hy nie in die huis is nie en omdat sy pa by die werk is. ✓ | (2) [2] |

| | | |
|---|---|---|
| 8.3 | Hulle weet nie van die bakkie wat Rosalie van haar hand gemaak het nie en dink Zander is die kluts kwyt en verwys regtig na haar hand al is sy reeds oorlede. ✓ | (1) [3] |
| 8.4 | Hulle praat nie oor Rosalie se dood nie ✓, maar Mieke het vir Zander gesê dat sy daar is vir hom indien hy wil praat. ✓ | (2) [3] |
| 8.5 | (graad) 6 ✓ | (1) [1] |
| 8.6 | Hulle soek op Google vir oplossings. ✓ | (1) [2] |
| 8.7 | Onwaar. Hy sê maar net so om vir Bongani stil te kry. / Hy gee voor, want hy dink dat hy eers sal gaan as hy beter voel (as die mistigheid in sy brein opklaar). ✓ | (1) [4] |
| 8.8 | Dit kan gebruik word vir grimering om bloed na te maak. ✓ | (1) [3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 9**

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Zander was aan die einde van hoofstuk 8 bekommerd dat sy pa al by die huis is en in hoofstuk 9 kom hy agter dat hy nog nie by die huis is nie. ✓ | (1) [3] |
| 9.2 | Ja, hy verbeel hom dat hy Rosalie se vingers, wat aan die houtblad van die lessenaar vasgegom is, kan inskryf vir die foto-afdeling van die kunskompetisie terwyl hy in werklikheid homself in ’n penarie bevind om die vingers los te kry. ✓<br>Nee, is nie aanvaarbaar nie. | (1) [5] |
| 9.3 | Cutex remover ✓ Hy wil Rosalie se vingers probeer loskry van die lessenaar se blad af. ✓ | (2) [2] |
| 9.4 | Hy eksperimenteer met die tamatiesous om ’n bebloede gesig te skep vir die seerower-film. ✓<br>Die eksperiment veroorsaak dat sy ma flou raak wanneer sy hom sien, want sy dink hy is beseer. ✓ | (1) [1]<br><br>(1) [3] |
| 9.5 | Nee, dit is onskuldige kinderpret wat Zander in sy kamer gedoen het, hy het nie probeer om iemand skade te berokken nie. ✓<br>(Ja, is nie as ’n antwoord aanvaarbaar nie.) | (1) [5] |
| 9.6 | Konnotatief ✓<br>Die botteltjie brand nie regtig nie, Zander voel net skuldig omdat hy iets vir sy ouers wegsteek. ✓ | (1) [2[<br><br>(1) [3] |
| 9.7 | Zander se frustrasie word beklemtoon deur die deur wat hy toeruk en die dawerende klapgeluid wat dit maak. ✓ | (1) [3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 10**

| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Woolies macaroni en kaas ✓ | (1) [1] |
| 10.2 | Enige van die volgende:<br>Sabels, kopbene, bandanas, outydse hoede, min tande, ’n outydse skip, iemand met ’n oogklap, ’n seerowervlag, die see en vrees. ✓ | (1) [2] |
| 10.3 | Albei is passievol oor dit wat hulle aanpak/ hulle doen navorsing op die internet. ✓<br>(Enige soortgelyke antwoord) | (1) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| 10.4 | Gevaar. ✓ | (1) [4] |
| 10.5 | Die video gaan skerper wees. / Die film resolusie sal beter wees. / Hulle sal ’n video met ’n beter beeld kan verfilm. ✓ | (1) [3] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 11**

| | | |
|---|---|---|
| 11.1 | Hulle is kwaad omdat hy belowe het om ’n boot te bring en dit nie gedoen het nie. ✓ Hulle besluit om die buurman se kano te vat. ✓ | (2) [1] |
| 11.2 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Ek dink dit is verkeerd om iets sonder toestemming te vat, want dit kom neer op diefstal. ✓<br>(Enige soortgelyke antwoord.) | (1) [5] |
| 11.3 | Hy is baie sterk. / Hy hou nie van ’n gekla nie. ✓ | (1) [3] |
| 11.4 | Die GEEN TOEGANG- waarskuwingsbord skrik hulle af. ✓ Hulle is bang vir die spoke van die twee oumense wat daar gesterf het. ✓<br>Die aaklige geluide wat hulle hoor, maak hulle banger. ✓ | (2) [2]<br><br>(1) [3] |
| 11.5 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Ja, as ek in ’n onbekende plek is waar mense dood is, sal ek my ook verbeel dit spook.<br>OF<br>Nee, ek sal eers probeer vasstel waar die geluid vandaan kom. Ek is bang vir niks nie, ✓ | (1) [4] |
| 11.6 | Saterdagoggend, 10:00 to 12:00, ✓ want die spoke sal nie helder oordag verskyn nie/ die spoke slaap in die dag. ✓ | (2) [1] |
| | | **[10** |

**Hoofstuk 12**

| | | |
|---|---|---|
| 12.1 | Hy dink aan die buurman se kano ✓ en Rosalie se vingers. ✓ | (2) [2] |
| 12.2 | Geheime ✓ en leuens. ✓ | (2) [3] |
| 12.3 | Nee, alhoewel hy nie vriende na sy huis toe gaan nooi nie, beplan hy iets erger. Hy en sy vriende gaan by ’n ongemagtigde en gevaarlike terrein ’n video verfilm. ✓<br>(Enge soortgelyke antwoord)<br>(Ja, is nie ’n aanvaarbare opsie nie.) | (1) [5] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 13**

| | | |
|---|---|---|
| 13.1 | As ’n skat vir die seerower-video/ om die seerower-video (kortfilm) meer realisties te laat lyk. ✓ | (1) [1] |
| 13.2 | Nee, hy besef dalk nie die waarde van die juwele nie en dit kan baie skade veroorsaak as hy dit verloor. ✓<br>(Ja, is nie ‘n aanvaarbare antwoord nie.) | (1) [4] |
| 13.3 | Hy soek sy kano. ✓ | (1) [2] |
| 13.4 | Hy hardloop weg en gaan kruip in die akkerboom van die leë erf weg. ✓ | (1) [1] |

| | | |
|---|---|---|
| 13.5 | Niemand weet van die wegkruipplek nie en sal hom nie daar gaan soek nie. ✓ | (1) [3] |
| 13.6 | Ja, die water is groen (vol slik/modderig) soos rivierwater. / Daar is nie golwe soos by die see nie. / Die water ruik vrot en nie vars soos by die see nie. ✓<br>(Enige soortgelyke antwoord.)<br>(Nee, is nie ’n aanvaarbare antwoord nie.) | (1) [5] |
| 13.7 | Mieke het die swaard, wat aan haar nefie behoort, in die water laat val. ✓ | (1) [3] |
| 13.8 | Konnotatief: Zander s voete is nie werklik vasgegom nie, dit is weens die skok dat hy nie kan beweeg nie. ✓<br>Denotatief: Rosalie se vingers is regtig met gom aan die lessenaar vasgeplak. ✓ | (2) [3] |
| 13.9 | Daar is ’n koeëlgat in haar hemp. / Daar is ’n koeëlwond. ✓ | (1) [2] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 14**

| | | |
|---|---|---|
| 14.1 | | |
| 14.1.1 | Vergelyking. ✓ | (1) [2] |
| 14.1.2 | Klanknabootsing. ✓ | (1) [3] |
| 14.1.3 | Bongani ✓ | (1) [2] |
| 14.2 | Hy voel hulle het die reg om daar te wees omdat hulle die lyk ontdek het ✓ (alhoewel hulle eintlik die wet oortree omdat hulle by ’n ongemagtigde terrein was). | (1) [2] |
| 14.3 | Die polisie kan dit dalk as ’n bewysstuk gebruik/ die polisie het hulle weggejaag van die toneel af / hulle is bevrees dat die moordenaar hulle ook kan doodmaak. ✓✓<br>(Enige TWEE) | (2) [3] |
| 14.4 | Onlangs / ’n dag of twee gelede. ✓ | (1) [2] |
| 14.5 | Bongani dink dit is opwindend (soos ’n toneel uit CSI), maar Mieke is bevrees dat hulle ook vermoor kan word. ✓<br>(Beide kante vir ’n punt.) | (1) [3] |
| 14.6 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Hulle gaan woedend wees, want sy pa het hom gewaarsku om nie vriende huis toe te nooi nie en toe gaan hy en sy vriende na ’n plek waar hulle nie mag wees nie en ontdek boonop ’n lyk. ✓✓<br>(Enige soortgelyke antwoord.) | (2) [4] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 15**

| | | |
|---|---|---|
| 15.1 | Hy onthou van se ma se silwerkandelaar, juwele en die koper stel. ✓ | (1) [1] |
| 15.2 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy en Bongani is van laerskool af vriende en hy vertrou hom. ✓ | (1) [4] |
| 15.3 | Die kursief gedrukte deel dui op die WhatsApp-gesprek tussen Bongani en Zander. ✓ | (1) [2] |

| | | |
|---|---|---|
| 15.4 | Hy probeer konflik vermy omdat hy weet hy is in die moeilikheid oor die juwele en ornamente wat hy gevat het. ✓ Hy wil hê dat sy pa moet dink hy slaap sodat hy uit die huis kan glip om die juwele en ander goed by die ou huis te gaan haal. ✓ | (2) [3] |
| 15.6 | Persoonlike opinie en motivering op grond van die leerder se oordeel. ✓ | (1) [5] |
| 15.7 | "Ek wens ek kan net teleport en verdwyn, en in my bed verskyn." ✓ | (1) [3] |
| 15.8 | Hulle kruip in die akkerboom weg. ✓ Hulle het 'n lig gesien en gaan ondersoek instel. ✓ | (2) [1] |
| 15.9 | Die kort sinne/ kort paragrawe / die ellips ✓ | (1) [3] |
| | | **[10]** |
| | | |

**Hoofstuk 16**

| | | |
|---|---|---|
| 16.1 | Hy is verbied om na die ou huis te gaan en die polisie het sy pa gebel en gesê dat hy daar was en dat 'n lyk daar ontdek is. / Hy het sy ma se juwele gevat. ✓ | (1) [1] |
| 16.2 | Sy pa gee nie vir Zander kans om iets te sê nie. / Sy pa sê dat hy moeg is vir sy stories dus wil hy nie na hom luister nie. ✓ | (1) [3] |
| 16.3 | Ja, Zander kry emosioneel baie swaar en dit is beter om te praat en die probleem te probeer oplos.<br>OF<br>Nee, hy kon eerder rustig met sy ma daaroor gepraat het. ✓<br>(Enige soortgelyke antwoord.) | (1) [4] |
| 16.4 | Dit beklemtoon Zander se innerlike konflik. /Dit dui aan dat Zander voel dat sy ouers nie vir hom omgee nie. ✓ | (1) [3] |
| 16.5 | Nee, sy pa is baie kwaad vir hom, want hy dink hy is ongehoorsaam. / Sy pa storm by die deur uit nadat hy sy ma se goed gevat het. ✓ | (1) [3] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 17**

| | | |
|---|---|---|
| 17.1 | Hy laai die video's van die seerower-kortfilm op sy rekenaar en begin om dit te redigeer. ✓ | (1) [1] |
| 17.2 | Hy sien 'n man op die agtergrond tussen die bosse wat vir hulle kyk. ✓ | (1) [2] |
| 17.3 | Sy dink die man is die moordenaar. ✓<br>Ja, die feit dat hy tussen die bosse skuil laat hom verdag voorkom.<br>Of<br>Nee, dit kon maar net 'n verbyganger gewees het of 'n boemelaar wat dalk in die ou huis woon. ✓ | (1) [3]<br>(1) [4] |
| 17.4 | Sy pa is kwaad vir hom en wil nie met hom praat nie. / Hy is alreeds in die moeilikheid en wil nie verdere moeilikheid veroorsaak nie. /Daar is 'n gebrek aan kommunikasie tussen hom en sy ouers. ✓ | (1) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 18**

| | | |
|---|---|---|
| 18.1 | Sondag ✓ | (1) [3] |
| 18.2 | Zander en Mieke sal dit die volgende dag vir die polisie vat. ✓ | (1) [2] |
| 18.3 | Ruben is goed met rekenaars. / Hy kan rekenaarprogramme skryf. ✓ | (1) [1] |
| 18.4 | Dit sal die vier vriende se lewe in gevaar plaas. / Die moordenaar kan hulle ook doodmaak. ✓ | (1) [3] |
| 18.5 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die moordenaar/ ’n boemelaar. ✓ | (1) [4] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 19**

| | | |
|---|---|---|
| 19.1 | Hy dink dat hy ongemanierd is omdat hy hom nie in die oë kyk nie. ✓ | (1) [3] |
| 19.2<br>19.2.1<br>19.2.2<br>19.2.3<br>19.2.4 | <br>D ✓<br>C ✓<br>A ✓<br>B ✓ | (4) [2] |
| 19.3 | Hy weet sersant Brink is die moordenaar en is bang vir dit wat hy aan hom kan doen. ✓ | (1) [2] |
| 19.4 | “Dis nie asof ’n mens hom eintlik baie goed kan sien nie.” ✓<br>“Hierdie man kan egter heeltemal onskuldig wees.” / “Maar net daar verbygeloop het.” ✓ | (2) [3] |
| 19.5 | Hy vertel vir sersant Brink dat hy weet dat hy die man op die foto is. ✓<br>Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Hy is dapper, want hy weet dat hy in die polisiekantoor is en daarom voel hy veilig. /Hy dink die ander polisiemanne sal hom beskerm.<br>OF<br>Hy is dom, want nou weet die sersant dat iemand hom as die moordenaar kan identifiseer en hy kan dalk vir Zander probeer leed aandoen. ✓ | (1) [2]<br><br>(1) [4] |
| 19.6 | Handeling: Hy het ’n dreigende houding en druk vir Zander terug in die stoel. /Hy kyk die hele tyd vir Zander. ✓<br>Voorkoms: Sy ysblou oë is koud en dit maak ’n mens bang. ✓ | (2) [3] |
| 19.7 | Hy beveel vir Zander om al die foto’s (video’s) op sy foon en rekenaar uit te wis. ✓<br>Nee, Zander kon die foto’s op ’n eksterne bron (eksterne hardeskyf) afgelaai het. /Zander het reeds die foto en video’s vir sy vriende aangestuur. ✓<br>(Ja, kan nie as ’n antwoord aanvaar word nie.) | (1) [1]<br><br>(1) [4] |
| 19.8 | Hy sê dat iemand na aan Zander sal seerkry. / Hy sê dat iets verskriklik kan gebeur. / Hy sê dat hy by Mieke sal begin. ✓ | (1) [2] |

| | | |
|---|---|---|
| 19.9 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Ek sou gedoen het wat hy sê, maar sal vir my pa daarvan vertel het as ek by die huis kom sodat hy 'n ander polisieman kan kontak en die sersant laat arresteer. ✓<br>(Enige aanvaarbare antwoord.) | (1) [5] |
| 19.10 | Dit skei Zander se verbeeldingsvlug van die intrige van die roman. / Dit wys dat die gebeure net in Zander se gedagtes afspeel en dat dit nie werklik gebeur nie. ✓ | (1) [3] |
| 19.11 | Dit beklemtoon Zander se vrees vir die polisieman wat hom bedreigd laat voel. ✓ | (1) [3] |
| 19.12 | Al die probleme wat Zander voorheen ervaar het, is niks in vergelyking met dié konflik situasie nie, want nou word sy lewe bedreig. / Die vorige probleme met sy ouers kan opgelos word, maar nou is dit 'n saak van lewe of dood. ✓<br>(Enige soortgelyke antwoord) | (1) [4] |
| 19.13 | Zander het polisiekantoor toe gegaan omdat hy gedink het dit is die regte ding om te doen, maar dit blyk nou dat dit die verkeerde ding is omdat dat hy sy eie lewe en die van sy vriende in gevaar geplaas het met sy optrede. ✓<br>(Enige soortgelyke antwoord wat BEIDE kante van die saak stel.) | (1) [3] |
| | | **[20]** |

**Hoofstuk 20**

| | | |
|---|---|---|
| 20.1 | Hy voel magteloos/ hy is bang. ✓ | (1) [3] |
| 20.2 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Ja, dit kan haar lewe in gevaar plaas, want sy en haar ma woon alleen en is sagte teikens wat hulle nie self sal kan beskerm nie. ✓ | (1) [5] |
| 20.3 | Hy sê dat die man onskuldig is. / Dat die man op die foto nie op die tyd wat die moord gepleeg is op die toneel was nie. ✓ | (1) [2] |
| 20.4 | Hy is bang vir die polisieman en vir dit wat hy aan hom, sy vriende of familie kan doen. / Hy voel bedreigd. / Hy glo dat hy niemand kan vertel dat die polisieman die moordenaar is nie. ✓ | (1) [3] |
| 20.5 | Sy moet hom gaan help met die video vir die kunstefees. ✓ | (1) [2] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 21**

| | | |
|---|---|---|
| 21.1 | Hy was buite juffrou Brown se klas waar hy gewag het om sy Engels mondeling te doen. ✓ Charlie is weg en Mieke wil hê dat hy haar moet help soek. ✓ | (2) [1] |
| 21.2 | Hy moet nog sy Engels mondeling afhandel ✓ en die sersant het hom gebel en gesê dat vir hom iets by die swembad gelos het. ✓ | (2) [3] |
| 22.3 | Die polisieman het nie gesê by watter swembad hy vir Zander iets gelos het nie en Zander het gedink dat hy na hulle huis se swembad verwys. ✓ | (1) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| 22.4 | Dit was ’n waarskuwing aan Zander dat hy moet stilbly. / Hy wou Zander laat skrik sodat hy besef dat hy sal moet stilbly. / Hy wou seker maak dat Zander stilbly oor die feit dat hy die moordenaar is. ✓ | (1) [4] |
| 22.5 | Hy dink dat Charlie dood is. ✓ Hy is bang dat sy ma op Charlie gaan afkom en dat sy sal skrik. / Hy is bang sy ma sien die hond en dan is hy weer in die moeilikheid. ✓ | (2) [2] |
| 22.6 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Ek dink dit is laakbaar (gewetenloos) om ’n onskuldige dier te probeer doodmaak. / Ek dink hy is genadeloos om ’n dier skade te doen net om ’n punt te bewys. ✓ | (1) [5] |
| 22.7 | Onwaar. Hy kan nie vir haar sê nie, want dan moet hy vir haar vertel dat hy weet wie die moordenaar is en dan sal haar lewe in gevaar wees. ✓ | (1) [3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 22**

| | | |
|---|---|---|
| 22.1 | Hy wil die hondjie afspoel, ✓ want die vuil water van die ou swembad laat die hond stink. ✓ | (2) [2] |
| 22.2 | Die verteller verwys na mense wat swem of “tan” ✓ en die gras wat moontlik gesny word. (Dit is alles aktiwiteite wat in die somer gedoen word.) ✓ | (2) [3] |
| 22.3 | Hy besef Charlie lewe nog en wil sy lewe probeer red. ✓ | (1) [2] |
| 22.4 | | |
| 22.4.1 | Vergelyking ✓ | (1) [2] |
| 22.4.2 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld.<br>Ja, Zander het gehardloop asof hy ’n marathon doen. / Die Comrades is ’n ultramarathon wat ’n mens baie moeg maak en Zander is fisies en geestelik moeg weens die traumatiese gebeurtenis.<br>OF<br>Nee, die Comrades is ’n ultramarathon van byna 90 kilometer en Zander het nie so ver gehardloop nie, hy oordryf. ✓ | (1) [4] |
| 22.5 | Hy is baie honger, want hy het nog nie kans gehad om na skool (na die mondeling) te eet nie. ✓ Sy ma maak nie meer kos nie en sy pa bring soms na werk wegneemetes huis toe. /Hy het lank laas iets lekker geëet. ✓ | (2) [3] |
| 22.6 | Dit hef die titel uit. / Dit beklemtoon die verband tussen die intrige en die titel. / Dit skep spanning en afwagting en dwing die leser om verder te lees. ✓ | (1) [5] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 23**

| | | |
|---|---|---|
| 23.1 | Innerlike konflik. ✓<br>Hy is bang vir dit wat die polisieman volgende gaan doen. ✓ | (1) [2]<br>(1) [3] |
| 23.2 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Hy het die vorige keer te min Cutex remover gebruik. ✓ | (1) [4] |

| | | |
|---|---|---|
| 23.3 | B (bedagsaam) | (1) [3] |
| 23.4 | Malaria/ die byt van ’n muskiet wat met malaria besmet was. ✓ | (1) [1] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 24**

| | | |
|---|---|---|
| 24.1 | Hy is bang dit is weer sersant Brink. ✓ | (1) [3] |
| 24.2 | Die hondjie was by die veearts en het al twee vleispasteitjies geëet. ✓ | (1) [2] |
| 24.3 | Die persoon wat die moord ondersoek, is die moordenaar en weet alles van die moord af, maar die opskrif sê dat daar geen leidrade is nie. ✓<br>(Beide kante moet genoem word.) | (1) [3] |
| 24.4 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Bongani, ✓ want hy is ’n lojale vriend en dit lyk asof hy en sy pa ’n goeie verhouding het daarom sal sy pa ’n plan maak om die regte persoon in die polisie te kontak en die kinders beskerm. ✓<br>(Enige karakter met ’n sinvolle motivering.) | (2) [1,4] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 25**

| | | |
|---|---|---|
| 25.1 | Hy wil hom konfronteer oor die kano. ✓<br>(Hy soek na die roeispane, want die polisie het die kano terug gegee, maar nie die spane nie.) | (1) [2] |
| 25.2 | Hy is besig om sy broer se motorfiets te herstel. ✓ | (1) [1] |
| 25.3 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Die polisie het dit vir hom teruggegee. / Iemand het die kano gevat. ✓ | (1) [4] |
| 25.4 | Hy weet wie die moordenaar is en die man pers hom af. ✓ Die polisieman kan hom doodmaak of een van sy ander vriende of familie. ✓ | (2) [3] |
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 26**

| | | |
|---|---|---|
| 26.1 | Hy wil seker maak dat daar geen bewyse op Zander se foon is nie. ✓ | (1) [2] |
| 26.2 | Ja, hy moes die eerste keer gekyk het of Zander die foto vir iemand aangestuur het. /Hy moes sy e-pos en WhatsApp-boodskappe nagegaan het. / Hy moes seker gemaak het dat daar niks op Zander se rekenaar of op ’n eksterne hardeskyf is nie. ✓ | (1) [5] |
| 26.3 | Hy kon die kans gebruik het om die huis binne te gaan toe Ma winkels toe was. ✓ | (1) [3] |
| 26.4 | Stewels ✓ (Die Afrikaanse woord vir “boots”.) | (1) [1] |
| 26.5 | Hy weet dat as daar geen bewys is nie, kan niemand hom arresteer nie. / Hy het ’n motor in die straat gehoor en probeer van die dwelms ontslae raak voordat die polisie daar aankom en die huis ondersoek. ✓ | (1) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| | | **[5]** |

**Hoofstuk 27**

| | | |
|---|---|---|
| 27.1 | Sy sê hy mors water. ✓ | (1) [2] |
| 27.2 | Sy glo hom nie en dink hy is besig om haar te tart. ✓ | (1) [2] |
| 27.3 | Hy voel dat sy van hom vergeet het ✓ en dat sy ma net lê en huil oor haar dogtertjie asof hy nie bestaan nie. ✓ | (2) [3] |
| 27.4 | Die woord lewe is in hoofletters/ die uitroepteken. ✓<br>Hy klap sy kamerdeur toe en sluit dit. ✓ | (2) [3,2] |
| 27.5 | Hy wil met Zander praat. / Ma het vir hom vertel van dit wat Zander vir haar gesê het en hy probeer die konflik ontlont. ✓ | (1) [2] |
| 27.6 | "Ons is lief vir jou." ✓ | (1) [2] |
| 27.7 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Zander is te bang om vir sy pa die waarheid van die polisieman te vertel. /Hy voel dat sy ouers nooit na hom luister nie en dat hy net weer gaan raas kry. ✓ | (1) [4] |
| 27.8 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Nee, 'n kind moet altyd sy ouers respekteer en vir hulle luister. ✓<br>(Enige soortgelyke antwoord) | (1) [5] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 28**

| | | |
|---|---|---|
| 28.1 | Vrydag ✓ | (1) [1] |
| 28.2 | Hy het gewag totdat sy na haar kamer toe gaan en toe het hy kombuis toe gesluip. ✓ | (1) [2} |
| 28.3 | Meneer Vorster. ✓ | (1) [1] |
| 28.4 | Hy weet dat sy hard werk om in die akademiese top-tien van die graad te kom. ✓ | (1) [3] |
| 28.5 | Ja, hy was so gespanne oor dit wat die polisieman aan Charlie gedoen het en wat hy moontlik aan Mieke en die ander kan doen, dat hy vergeet het.<br>OF<br>Nee, dit is nie dat hy vergeet het nie, hy is net te bang om die video te gebruik waar die moordenaar op die agtergrond verskyn omdat dit kan veroorsaak dat iemand seerkry. ✓<br>(Enige soortgelyke antwoord) | (1) [4] |
| 28.6 | Mieke, ✓ want sy sê vir hom dat hy hulle moes vertel het, dan sou hy nie so alleen gevoel het nie. ✓ | (2) [3] |
| 28.7 | Meneer Vorster sê dat hy 'n vriend van hom, wat 'n speurder is, sal kontak om die saak te ondersoek. /Zander het so lank die geheim oor die identiteit van die moordenaar alleen gedra en al die stres ervaar, dat hy nou verlig voel omdat die ander ook daarvan weet. ✓ | (1) [2] |
| 28.8 | Ja, alhoewel sy ouers albei nog leef, voel dit vir hom dat hulle nie van sy bestaan bewus is nie. ✓ | (1) [3] |
| 28.9 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld: | (1) [4] |

| | | |
|---|---|---|
| | Hulle kan dalk vir Zander kwaad wees omdat hy nie vrymoedigheid gehad het om met hulle te praat nie, maar sy probleme met die onderwyser gedeel het. /Hulle sal skuldig voel omdat hulle nie meer moeite gedoen het met Zander nie en hom oorlaai met liefde. ✓<br>(Enige soortgelyke antwoord.) | |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 29**

| | | |
|---|---|---|
| 29.1 | By McDonalds. ✓ | (1) [1] |
| 29.2 | Geen minderjarige mag deur die polisie ondervra word sonder die teenwoordigheid van sy ouers of ’n volwaardige gemagtigde volwassene nie. ✓ | (1) [3] |
| 29.3 | Hy is bly dat hulle vier periodes van skool gemis het. ✓ | (1) [1] |
| 29.4 | Hy het vir Zander en sy vriende tot die Maandag kans gegee om hulle kortfilm in te handig. ✓ | (1) [3] |
| 29.5 | Sersant Brink wag hom in sy kamer in. ✓<br>Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die sersant kan hom aanhou as gyselaar en hom doodmaak as hy hom nie meer nodig het nie. ✓ | (1) [2]<br>(1) [4] |
| 29.6 | Hy het amper vir Charlie doodgemaak. / Hy het dwelms in Zander se kamer geplant. / Hy het ’n rewolwer in sy hand. / Hy het alreeds vir Isabella vermoor en kan dieselfde aan hom doen. ✓ | (1) [2] |
| 29.7 | Dit is nie Zander wat sy lewe opgefoeter het nie, maar hyself toe hy vir Isabella doodgemaak het. ✓ | (1) [3] |
| 29.8 | “Yesterday” kan verwys van die verlede, “Today” beklemtoon die gevaar waarin Zander hom tans bevind en “Tomorrow” dui op die toekoms, Zander kan dood wees of iemand kan tot sy redding kom. ✓ | (1) [4] |
| 29.9 | Hy weet sy ma se lewe is in gevaar en hy is nie in staat om haar te beskerm nie. /Hy probeer vir sersant Brink wegkry van sy ma af sodat hy haar nie seermaak nie. ✓ | (1) [3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 30**

| | | |
|---|---|---|
| 30.1 | Zander verkeer in lewensgevaar, hy kan of lewend daar uitkom of die polisieman kan hom doodmaak. ✓ | (1) [2] |
| 30.2 | Die polisieman raak gewelddadig, hy slaan hom oor die kop met die rewolwer, druk dit teen sy rug en dwing hom om verder te stap. ✓ | (1) [2] |
| 30.3 | Hy bind hom stewig met kabelbinders vas sodat hy nie kan roer nie. ✓ | (1) [2] |
| 30.4 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Hy is besig met iets onwettig soos diamant- of dwelmhandel, want hy is by ’n plek waar niemand ooit kom nie en het met ’n sak uit die huis gekom toe Zander hom die eerste keer gesien het. /Hy steek iets of iemand in die huis weg. ✓ | (1) [4] |
| 30.5 | Hoofstuk 2. ✓ | (1) [3] |

| | | |
|---|---|---|
| 30.6 | Die eerste keer toe Zander en sy vriende by die ou huis was en die sersant geluide gemaak het om die kinders te verwilder. ✓ | (1) [2] |
| 30.7 | Hulle kan dink dat hy steeds nie met hulle wil praat nie. / Hulle kan dink dat hy weggeloop het. ✓ | (1) [3] |
| 30.8 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Hy weet dat hy onmiddellik gearresteer sal word as hy gevang word, maar as hy ’n kind as gyselaar gebruik, het hy ’n kans om weg te kom. ✓ | (1) [4] |
| 30.9 | Vrees/angs, ✓ want hy weet dat die polisieman hom kan doodmaak. ✓<br>OF<br>Spyt, ✓ hy is spyt dat hy nie met sy ouers gepraat het toe hy die geleentheid gehad het nie. ✓<br>Hartseer, ✓ hy is hartseer omdat hy dalk nooit weer sy ouers sal sien nie. ✓<br>(Enige soortgelyke emosie met ’n aanvaarbare motivering. | (2) [3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 31**

| | | |
|---|---|---|
| 31.1 | B. hiperbool ✓ | (1) [3] |
| 31.2 | Die buurman het Ruben se ma gebel en gesê dat hy na die spane van die kano soek. ✓ Ruben se ma het hom beveel om die spane van die kano te gaan soek. ✓ | (2) [2] |
| 31.3 | Dit is by die buurman se huis. ✓ Die polisie het dit reeds die vorige Vrydag vir die buurman gevat. ✓ | (2) [2] |
| 31.4 | Hy dink dit is die spoke van die dokter en sy vrou. ✓ | (1) [2[ |
| 31.5 | Hy is ’n Voortrekker wat iets weet van Morsekode. ✓ | (1) [3] |
| 31.6 | Hy en sy pa het ’n goeie verhouding. /Hy is ’n nugter persoon en weet dit is beter om met ’n volwassene te praat as om self die probleem op te los. ✓ | (1) [3] |
| 31.7 | Persoonlike opinie, byvoorbeeld:<br>Ja, dit is uiters gevaarlik, want die polisieman kan vir hom of een van sy vriende doodskiet as hy in gevaar is.<br>OF<br>Nee, hy is dapper en weet dat hy die polisieman onverhoeds sal betrap omdat hy nie weet dat hulle in die huis is nie en hy weet dat Bongani se pa reeds die polisie gebel het. ✓<br>(Enige soortgelyke antwoord.) | (1) [4] |
| 31.8 | Die polisieman kon dalk vir Zander saamgevat het as hy uit die dorp wou vlug. /Die polisieman kon vir Zander doodgemaak het as hy hom nie meer as gyselaar benodig het nie. ✓ | (1) [3] |
| | | **[10]** |

**Hoofstuk 32**

| | | |
|---|---|---|
| 32.1 | Sy ma maak weer kos. /Almal sit saam aan die tafel en eet ontbyt. / Sy ouers praat oor Rosalie. / Sy ouers praat met hom. | (2) [2] |

| | | |
|---|---|---|
| | /Sy ouers gee aandag aan hom. /Sy ma versorg weer die Icebergs. ✓✓<br>(Enige TWEE.) | |
| 32.2 | Hulle het gedink dat hy weggeloop het. ✓ Sy deur was van binne gesluit en hy het die vorige dag 'n uitval met sy ma gehad. ✓ | (2) [3] |
| 32.3 | Hy het dit gebruik om die dwelms, waarmee hy handel gedryf het, weg te steek. ✓ | (1) [1] |
| 32.4 | Sy het saam met sersant Brink gewerk, maar sy wou nie meer saamwerk nie. /Sy het te veel geweet van die dwelms en die sersant moes haar doodmaak om seker te maak sy vertel vir niemand van sy betrokkenheid nie. ✓ | (1) [2] |
| 32.5 | Mieke hou net so baie van Zander as wat hy van haar hou en daar kan dalk 'n verhouding ontstaan. ✓ | (1) [3] |
| 32.6 | In die eerste hoofstuk het ma nog getreur en was nie meer lus vir die lewe nie, maar nou het sy besluit om aan te gaan met haar lewe. / In die eerste hoofstuk was sy onversorgd en het nie meer omgegee vir enige iets nie, maar in die laaste hoofstuk gee sy weer om en versorg haar Icebergs. ✓ | (1) [3] |
| 32.7 | Leerder se eie respons. Ken 2 punte toe vir kreatiwiteit. ✓✓ | (2) [5] |
| | | **[10]** |
| | | |

## 3. Glossarium van literêre begrippe

| TERM | BETEKENIS |
|---|---|
| atmosfeer | toon/stemming |
| boodskap | 'n lewensles wat die skrywer by die leser wil tuisbring |
| beeldspraak | 'n vergelyking, 'n metafoor of personifikasie |
| chronologies | in volgorde van tyd bv. oggend, middag en aand volg op mekaar |
| denotatief | letterlike betekenis van die woord, die woordeboek-betekenis |
| eerstepersoonsverteller | een van die karakters in die verhaal wat die storie uit sy oogpunt vertel |
| eufemisme | versagting van die harde werklikheid/'n onaangename feit word versag deur dit minder kras voor te stel |
| fiktief | op grond van verbeelding/ nie werklik nie |
| fragmentaries | achronologies - nie in volgorde van tyd nie/ maak gebruik van terugflitse of vooruitskouings |
| handeling | dit wat die karakter doen/aksie wat verrig word |
| hiperbool | oordrywing/ word vergroot om dit indrukwekkend te maak |
| hoofkarakter | sentrale figuur waarom die gebeure draai |
| impliseer | wat probeer iemand sê sonder om dit direk te sê (tussen die lyne aflei) |

| | |
|---|---|
| innerlike konflik | emosies van die karakter/ dit waarmee die karakter in sy gemoed worstel |
| intrige | die plan waarvolgens die verhaal ontwikkel/ raamwerk van gebeure/oorsaak en gevolg is belangrik |
| ironie | die teenoorgestelde van wat bedoel word, word gesê of gedoen |
| karaktereienskap | die manier hoe jy 'n karakter leer ken deur bv. voorkoms, dialoog of handeling. |
| konnotatief | figuurlike betekenis van ’n woord, die dieperliggende betekenis |
| klanknabootsing | (onomatopee) die gebruik van ’n woord om die klank wat dit beskryf te skep |
| klimaks | die hoogtepunt van die verhaal |
| kontras | teenstelling/ twee uiterstes word teenoor mekaar gestel |
| krisis | opbou van spanning tot 'n hoogtepunt |
| metafoor | twee sake wat met mekaar verband hou, word gelykgestel |
| milieu | die tyd, ruimte (plek) en agtergrond waarteen ’n verhaal afspeel |
| motief | ’n voorwerp, persoon of saak wat deurlopend in die verhaal voorkom |
| newekarakters | bykomende karakters wat die hoofkarakter belig en de verhaalgebeure bevorder |
| personifikasie | menslike eienskappe word aan lewelose dinge toegeken |
| protagonis | die hoofkarakter in die verhaal, die sentrale karakter in die verhaal |
| retoriese vraag | ’n vraag waarop daar nie ’n antwoord verwag word nie |
| ruimte | die plek waarin die gebeure plaasvind |
| simboliek | dieper betekenis, staan as voorbeeld vir iets anders bv. duif is ’n simbool van vrede |
| subintrige | kleiner verhaal binne die roman |
| slot | die einde van die verhaal. Die slot kan gelukkig of ongelukkig wees of 'n oop einde hê |
| stylfiguur | iets wat groter groter krag aan ’n beeld verleen bv. hiperbool, klanknabootsing, eufemisme |
| tipografie | die manier hoe iets gedruk word |
| taalgebruik | die manier hoe taal aangewend word |
| tema | sentrale idee in die roman. (’n roman kan meer as een tema hê.) |

| | |
|---|---|
| titel | die naam van die verhaal/ dit is veelseggend en ontsluit die verhaal |
| uiterlike konflik | Die tipe konflik kan gewelddadig wees, 'n woordewisseling of selfs 'n deurborende kyk. |
| vergelyking | twee sake word met mekaar vergelyk (soos, net soos, nes, asof en of) |
| vertelde tyd | die tydperk waarin die gebeure afspeel |
| verteltyd | die tyd wat dit duur om die verhaal te vertel/hoeveelheid bladsye |
| wending | ’n totale verandering |

## 4. Glossarium van woorde in die teks

| Woord | Bl. | Verklaring | Engels / Afrikaans |
|---|---|---|---|
| Icebergs | 1 | ’n Gewilde (wit) roos wat in die somer blom, baie water benodig en hou van sonskyn. | - |
| prefab-muur | 2 | Voorafvervaardigde muur wat uit verskillende panele bestaan. | - |
| witstinkhout | 3 | sierlike Suid-Afrikaanse bladwisselende boom | - |
| Amasone-woud | 5 | Die wêreld se grootste tropiese reënwoude in Suid-Amerika. | *Amazon* |
| ritseling | 7 | ’n sagter hoorbare geruis | |
| manewales | 13 | Snaakse bewegings maak. | *rustle* |
| seerower | 17 | Lid van die bemanning van ’n roofskip. | *pirate* |
| oerwoud | 17 | ondeurdringbare bosse | *jungle* |
| laken | 18 | bedbedekking van linne | *sheet* |
| gehok | 27 | iemand se bewegingsvryheid beperk/ straf om net in die huis of kamer te bly | *grounded* |
| franties | 28 | om baie angstig te wees /bevrees | *frantic* |
| konsentrasiekamp | 27 | ’n Versamelkamp van gevangenes van die vyand soos die kampe vir vroue en kinders gedurende die Anglo-Boereoorlog | *concentration camp* |
| dobbertjie | 29 | ’n Stuk hout, plastiek of kurk aan ’n vislyn | *float* |
| viltpen | 36 | koki-pen | *felt tip pen* |
| slykerig | 45 | modderige, slymerige water | *slimy* |
| silwerkandelaar | 50 | ’n Silwer staander vir kerse | *silver candlestick* |
| akkerboom | 51 | (eikeboom) ’n Stadig groeiende, sterk boom wat duursame hout lewer | *oak* |
| Everglades in Florida | 53 | ’n Vleiland gebied in Florida in die VSA | - |

| | | | |
|---|---|---|---|
| swaard | 54 | ’n Tweesnydende wapen wat gebruik word om te kap of te steek | *sword* |
| forensiese | 59 | Die toepassing van natuurwetenskaplike kennis tydens ’n geregtelike ondersoek | *forensic* |
| teleport | 64 | om onmiddellik oor ruimte en afstand na ’n ander plek te reis | *teleporteer* |
| dud | 68 | ’n dag waar daar nie iets belangrik gebeur nie | *nutteloos* |
| verklarings | 73 | ’n verduideliking van wat gebeur het | *statements* |
| doodloop | 74 | ’n straat wat teen geboue vasloop, wat geen deurgang het nie (cul-de-sac) | *dead end* |
| zero tolerance | 82 | Selfone word op die skoolterrein verbied | *geen verdraagsaamheid /verbod* |
| Comrades | 88 | ’n Ultramarathon (amper 90 km) wat tussen Durban en Pietermaritzburg gehardloop word. | - |
| leidrade | 93 | iets wat kan lei tot die opklaring van ’n geheim | *clues/leads* |
| bewysstuk | 95 | ’n voorwerp wat as bewys kan dien in ’n misdaad-saak | *evidence* |
| gebackup | 99 | inligting op ’n databasis stoor | *rugsteun/stoor* |
| boots | 101 | ’n hoe inrygskoen/’n growwe swaar skoen | *stewels* |
| rehabilitasiesentrum | 103 | ’n plek waarheen dwelmgebruikers gestuur word om te herstel en die gewoonte te staak | *rehab* |
| speurder | 108 | iemand wat misdadigers opspoor | *detective* |
| edit | 111 | Om iets te verander soos wat jy dit wil hê | *redigeer* |
| Yesterday, Today and Tomorrow | 112 | ’n Somerplant wat eers pers, dan lavender en wit blomme dra | - |
| roeispane | 18 | ‘n paal met ’n reguit, plat punt wat gebruik word om deur die water te roei en die kano vorentoe te stuur | *oars* |
| Morsekode | 120 | telegrafiese tekens wat deur die Morse in 1836 opgestel is om te kommunikeer | *Mors code* |

## 5. Aktiwiteite vir verryking

Volgens die nuwe assesseringsvereistes moet Graad 7-9 Huistaal en EAT-leerlinge in die derde kwartaal ’n taak doen wat navorsing vereis. In die tweede fase moet ’n skryfstuk gedoen word. Leerlinge moet ook in die vierde kwartaal’n toespraak lewer oor die navorsing wat in die vorige kwartaal gedoen is.

Die onderwyser kan die volgende projek gebruik vir assessering. Rubrieke aangeheg.

## PROJEK:

**FASE 1: Navorsing**

- Doen navorsing oor die kenmerke van ’n dramateks.
- Doen navorsing oor: seerowers.
  **OF**
  malaria.
  **OF**
  Kies jou EIE TEMA en vra vir die onderwyser of jou tema gepas is.

Volg die volgende stappe:

1. Definieer die inligting wat benodig word.
2. Vind die betrokke bronne deur navorsing in jou handboek, die plaaslike biblioteek of die gebruik van die internet.
3. Selekteer die nodige en relevante bronne.
4. Beplan die projek deur die gebruik van ’n vloeidiagram, tabelle of ander gepaste beplanning.
5. Stel ’n bibliografie/bronnelys saam.

**FASE 2: SKRYF**

1. Skryf ’n kort dramateks met seerowers of malaria as tema of eie tema. Vier tot vyf leerlinge mag saam werk.

Volg die volgende wenke:

- Bestudeer die kenmerke van die dramateks.
- Kyk na die formaat van dialoog in enige dramateks.
- Maak seker dat jou formaat korrek is.
- Jy kan jou eie karakters gebruik.
- Jy sal punte verdien vir kreatiwiteit.

**OF**

2. Skryf ’n toespraak.

**WENKE: Voorbereide toesprake**

| |
|---|
| Die formele praatproses vind in drie stadiums plaas:<br>● beplanning, navorsing en organisasie<br>● voorbereiding<br>● aanbieding<br><br>**Beplanning:**<br>● gebruik die gepaste toepaslike taal, styl en toon volgens die gehoor, doel en tema.<br>● kritiese taalbewustheid: verduidelik feite, menings en figuurlike betekenis.<br>● gee uitdrukking aan waardes en houdings.<br>● gebruik bronne en verwysingsmateriaal om die aanslag en akkuraatheid<br>van aanbiedings te verhoog.<br>● gebruik 'n treffende inleiding, dit trek en behou die aandag.<br>● sorg dat jou inligting logies en chronologies is.<br>● jou beplanning van jou toespraak vorm jou gedagtes. |
| **FASE 3: VOORBEREIDE AANBIEDING** |
| Gebruik die navorsing wat jy in FASE 1 gedoen het en lewer 'n toespraak van ongeveer 2 tot 3 minute oor een van die volgende onderwerpe:<br><br>1. Seerowers<br>2. Malaria |
| **Voorbereiding:**<br>● sorg dat jy vertroud is met die inligting van jou toespraak.<br>● kies visuele hulpmiddels wat kan bydra tot die sukses van jou toespraak.<br>● ken jou toespraak se inhoud, nie noodwendig uit jou kop nie, maar sodat jy verstaan wat jy wil sê en daarin glo.<br><br>**Aanbieding:**<br>● praat direk met die gehoor sonder om afhanklik te wees van jou aantekeninge.<br>● gebruik intonasie en frasering.<br>● gebruik gepaste aanspreekvorme.<br>● maak gebruik van verbale en nieverbale tegnieke soos toon, volume, stemprojeksie, tempo, frasering, oogkontak, gesigsuitdrukking, gebare, liggaamstaal en visuele hulpmiddels om jou aanbieding te versterk.<br><br>**OF**<br><br>Voer die drama teks wat julle in FASE 2 geskryf het op en verfilm dit. (Lees weer hoe Zander-hulle dit gedoen het in hoofstuk 13).<br><br>Stuur nou die kortfilm van 4 tot 5 minute na jou onderwyser. |

**RUBRIEKE vir die projek**

**FASE 1: Navorsing**

**Rubriek**

| **NAVORSING** _____/20 | **BESKRYWINGS** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **UITSTEKEND** | **GOED** | **GEMIDDELD** | **NIE BEVREDIGEND** | **ONSUKSESVOL** |
| **Verskeidenheid, aantal en kwaliteit van die hulpbronne gebruik** | **9-10 punte** | **7-8 punte** | **5-6 punte** | **3-4 punte** | **1-2 punte** |
| | **Omvattende navorsing** oor die onderwerp is duidelik. Meer hulpbronne as wat benodig word, is geraadpleeg. | **Toepaslike** navorsing uit verskillende/ verskeidenheid bronne wat die onderwerp aanspreek | **Vereiste** aantal bronne is gebruik. (Slegs Wikipedia of slegs die roman/teks/inhoud wat in die klas gebruik word, is geraadpleeg.) | **Beperkte** aantal en verskeidenheid hulpbronne is gebruik. | Die leerder is **nie in staat om** bronne wat gebruik is, in verband te bring met die finale produk nie, maar die produk is steeds vervaardig. |
| **Bibliografie/ Verwysings Hulpbronne** | | | **2 punte** | **1 punt** | **0 punte** |
| | | | Bibliografie verwysings bronne word gegee en dit is duidelik dat dit **verband hou** met die onderwerp en finale produk. | Bibliografie verwysings bronne word gegee, maar hou **nie verband** met die onderwerp en finale produk nie. | **Geen** bibliografie nie/ Verwysings/ Hulpbronne word nie gegee nie. |
| | | **7-8 punte** | **5-6 punte** | **3-4 punte** | **1-2 punte** |
| **Bewyse van organisatoriese tegnieke / vaardighede wat gebruik word (breinkaarte / opsomming / konsepte) om navorsingsinligting in die finale produk te rangskik.** | | Organisatoriese tegnieke /vaardighede het gelei tot 'n **uitstekende** projek. | Organisatoriese tegnieke/ vaardighede het gelei tot 'n **goeie** projek. | Organisatoriese tegniek / vaardighede het gelei tot 'n **gemiddelde** projek. | Organisatoriese tegnieke / vaardighede het gelei tot 'n **elementêre** projek |

## FASE 2: SKRYF

**Rubriek:**

| **SKRYF _____/30** | **BESKRYWINGS** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | UITSTEKEND | GOED | GEMIDDELD | ELEMENTêR | SWAK |
| | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| **Beplanning /Volg die skryfproses** | **Deeglike (baie goeie)** beplanning, baie goeie inleiding, liggaam en afsluiting | Goeie beplanning, goeie inleiding, liggaam en afsluiting | **Gemiddelde** beplanning, inleiding, liggaam en afsluiting wat lei tot 'n skryfstuk wat aanvaarbaar is, maar nie buitengewoon is nie. | **Beperkte** bewyse van beplanning, poging aangewend vir inleiding, liggaam en afsluiting. | **Geen** beplanning is gedoen. **Geen** inleiding en afsluiting nie. |
| **Formaat** | **Uitstekende** nakoming en gebruik van die formaat | **Goeie** nakoming en gebruik van die formaat | **Gemiddelde** nakoming en gebruik van die formaat | **Basiese** nakoming en gebruik van die formaat | **Geen** of beperkte nakoming van die formaat. |
| **Interpretasie van die onderwerp** | Die hantering van die onderwerp toon **uitstekende** relevansie en oorspronklikheid. | Die hantering van die onderwerp toon **goeie** relevansie en oorspronklikheid. | Die hantering van die onderwerp toon **gemiddelde** relevansie en oorspronklikheid. | Die hantering van die onderwerp toon **beperkte** relevansie en oorspronklikheid. | Die hantering van die onderwerp toon **geen** relevansie en oorspronklikheid. |
| **Kreatiewe eindproduk** | **Uitstekende** figuurlike taalgebruik en baie verbeeldingryk. Uitstekende taalgebruik | Goeie taalgebruik en verbeeldingryk. **Goeie** taalgebruik | **Gemiddelde** figuurlike taalgebruik en redelik verbeeldingryk. Gemiddelde taalgebruik | **Beperkte** figuurlike taalgebruik en verbeeldingryk. Basiese taalgebruik | **Geen** figuurlike taalgebruik en verbeelding. Swak taalgebruik |
| **Taalstrukture en -konvensies** | **Uitstekende** gebruik van woordeskat, sinstruktuur, spelling en leestekens | **Goeie** gebruik van woordeskat, sinstruktuur, spelling en leestekens | **Gemiddelde** gebruik van woordeskat, sinstruktuur, spelling en leestekens | **Basiese** gebruik van woordeskat, sinstruktuur, spelling en leestekens | **Swak** gebruik van woordeskat, sinstruktuur, spelling en leestekens |
| **Redigering en bewys van redigering** | **Baie goeie** redigering | **Goeie** redigering | **Gemiddelde** redigering | **Elementêre** redigering | **Geen** redigering gedoen nie |

## FASE 3: VOORBEREIDE AANBIEDIING

**RUBRIEK: VOORBEREIDE PRAATJIE** **50 punte verwerk na 20 ____/20**
(Pas hierdie rubriek aan vir kortfilm)

| | 10-8 Uitstekend | 7-6 Goed | 5-6 Redelik | 4-3 Elementêr | 2-0 Onaanvaarbaar |
|---|---|---|---|---|---|
| **Navorsing** | Deeglike navorsing. Verskeie bronne is geraadpleeg. Nuwe feite. Rype insig. | Goeie navorsing. Twee of meer bronne. Nuwe feite, maar insig ontbreek. | Redelike navorsing. Enkele verwysings. Bronne woordeliks aangehaal. | Navorsing is beperk. Hoofsaaklik eie menings sonder enige verwysings. | Navorsing ontbreek. Argumente kan nouliks gevolg word. |
| **Struktuur** | Treffende inleiding, argumente is goed gemotiveerd. Logiese en chronologies. uitmuntende slot. | Goeie inleiding. Goeie argumente, maar motivering is beperk. Redelike slot. | Inleiding of slot ontbreek. Argumente is nie logies en chronologies nie. Geen motivering. | Geen inleiding of slot nie. Struktuur is beperk. | Onordelike aanbieding. Struktuur is baie beperk Onsuksesvolle aanbieding. |
| **Aanbieding** | Deeglike voorbereiding, Praat direk met die gehoor, glad nie afhanklik van aantekeninge nie. Uitstekende stemintonasie, gesigsuitdrukkings, gebare en houding. | Goed voorbereid, maar effens afhanklik van aantekeninge. Goeie oogkontak. Goeie stemintonasie. | Redelik voorbereid, maar baie afhanklik van aantekeninge. Stemtoon word selfde afgewissel. | Die toespraak word feitlik woordeliks afgelees. Geen oogkontak met die gehoor nie. Moeilik om te hoor. | Aanbieding is onsuksesvol. |
| **Woordeskat en taalgebruik** | Uitgebreide woordeskat, maak gebruik van figuurlike taal. Manipuleer taal om die gehoor te oortuig. | Goeie woordeskat. Figuurlike taalgebruik is beperk. | Redelike woordeskat. Min figuurlike taalgebruik sonder enige impak. | Maak gebruik van Engelse woorde. Woordeskat elementêr. | Woordeskat is uiters beperk. |
| **Visuele hulpmiddels** | Uitmuntende keuse van hulpmiddels. Hulpmiddels lok reaksie by die gehoor uit. Hulpmiddels dra by tot die sukses van die toespraak. | Goeie keuse van hulpmiddels. Hulpmiddels dra gedeeltelik by tot die sukses van die toespraak. | Keuse van hulpmiddels is gedeeltelik gepas. Hulpmiddels het byna geen impak op die sukses van die toespraak nie. | Hulpmiddels is onvanpas en onsuksesvol. | Geen hulpmiddels. |

## Bronnelys


https://www.thegardener.co.za/the-gardener/ff/white-iceberg/

https://fable.co/author/nerine-ahlers

https://storiewerf.co.za/2019/07/10/alet-steenkamp/

www.literaryterminoligy.com

https://commons.wikimedia.org/w/index.php?search=pirate&title=Special:MediaSearch&go=Go&type=image

https://commons.wikimedia.org/w/index.php?search=pirate&title=Special:MediaSearch&go=Go&type=image

https://www.education.gov.za/Portals/0/CD/National%20Curriculum%20Statements%20and%20Vocational/CAPS%20SP%20%20HOME%20%20AFRIKAANS%20GR%207-9%20%20web.pdf?ver=2015-01-27-155543-320

https://www.education.gov.za/Portals/0/CD/National%20Curriculum%20Statements%20and%20Vocational/CAPS%20FET%20_%20FAL%20_%20AFRIKAANS%20GR%2010-12%20_%20WEB_9455.pdf?ver=2015-01-27-155220-057

Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 2011. 9de uitgawe. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Kaapstad: Pharos.

Persoonlike inligting van skrywers vir biografieë per e-pos

Foto: Nerine Ahlers